# HOOFSTUK 8



## *Ondersteuningsdienste*

*Elize van Eeden*

Die suksesvolle bestuur van die PUK, ook vanuit die hartklop van die groot aantal ondersteuningsdienste,[1] het oor jare heen 'n bepaalde onontbeerlike bystand aan die akademiese korps gebied. Ondersteuningsdienste het met die aanvang van 2004 bestaan uit etlike departemente en afdelings onder die oorhoofse toesig van registrateurs en/of viserektore. Laasgenoemde persone het die taak gehad om verantwoordelikhede op 'n daaglikse basis binne 'n bepaalde ondersteuningsdepartement te bestuur. Hieronder tel die Departemente Vergaderingadministrasie, Akademiese Administrasie en Finansiële Administrasie. In hierdie hoofstuk val die kollig op die rol van die registrateur en die strukturele wyse waarop die Universiteit se administrasie sedert selfstandigwording gaandeweg met behulp van 'n komplekse struktuur van ondersteuningsdienste ontwikkel en gefunksioneer het. Daarop volg 'n bespreking van enkele ondersteuningsdepartemente wat nie in ander hoofstukke aangeraak is nie, maar in besonder deel is en was van die alledaagse diensverskaffingstruktuur van die Universiteit. Onder meer word bespreek die Departement Beskermingsdienste, die Ferdinand Postma-biblioteek, die Departement Openbare Betrekkinge sowel as die ontwikkeling van die Departement Inligtingstegnologie en -Bestuur. Sommige van die ander tersaaklike ondersteuningsdepartemente is wel in Hoofstukke 4, 6, 7 en 9 vermeld.




*Die sinkgeboue langs die treinspoor wat vir jare as die administrasiekantore van die PUK gedien het (Bron: PUK-Argief)*

## 8.1 Die funksies van 'n registrateur

Alhoewel die rektor in 'n oorhoofse bestuurshoedanigheid dien, soos in Hoofstuk 3 uitgewys is, is die meeste administratiewe werk op grondvlak deur die registrateur en die personeel van die registrateur ge-



*Prof. S.J du Toit*



*Mnr. G.P. Schoeman*



*Prof. H.C. van Rooy*



*Prof. E.J. Smit*



*Prof. W.E. Scott*



*Prof. C.F.C vd Walt*



*Dr. M.J. Venter*

*Die registrateurs sedert 1951 (Bron: PUK-Argief)*


**Registrateurs**

Prof. S. du Toit 1938-1964
Mnr. G.P. Schoeman 1964-1975
In hierdie stadium is nog ‘n registrateurspos geskep benewens dié van registrateur, naamlik Registrateur Finansies, Schoeman was ook Assistentregistrateur sedert 1951.
Prof. H.C. van Rooy 1976-1979
Gedurende hierdie tydperk het die pos van Registrateur: Finansies verval, en is die pos van Viserektor: Finansies en Bedryf ingestel. Prof. Van Rooy se posbenaming was Registrateur: Akademies.


Prof. E.J. Smit 1980-1986, Jan-Feb. 1997
Prof. W.E. Scott 1987-1996
Prof. C.F.C. van der Walt 1997-2002
In 2002 is die posbenaming gewysig na Registrateur: Akademies en Korporatiewe Administrasie.
Dr. M.J. Venter 2002
Waarnemend (posbenaming gewysig na Akademiese Ondersteuning en Bestuursinligting

**Registrateur: Finansies en Bedryf**

Mnr. C.J.H. Schutte 1968-1984
Mnr. A. Engelbrecht 1984-1985
Prof. G.J.M. Hattingh 1985-1989
Mnr. A.H. Grobler 1989-1991
Prof. I.J. Rost 1991-2004



***Mnr. C.J.H. Schutte as eerste Registrateur: Finansies en Bedryf (Bron: PUK-Argief)***



**Prof. I.J. Rost, Registrateur: Finansies en Bedryf teen 2003 *(Bron: PUK-Argief)***

**Rektor**

**Registrateur**
Hoof: Akademiese Administrasie
Fakulteitsadministrasie
Fakulteitsekretaris
Studente-adviseur
Personeeladministrasie (vyf persone)
Sportadministrasie (ses persone)
Koshuisadministrasie
Departiment Ontwikkeling (ses persone)
Biblioteekpersoneel (agt persone)

**Registrateur Finansies**
Hoofrekenmeester
Rekeninge-administrasie
Terreine en geboue - instandhouding
Terreine en geboue - beplanning


***Figuur 8.1: Skeiding van registrateursverpligtinge***

doen. Reeds vanaf 1951 is die registrateur in sy talle verpligtinge ook bygestaan deur 'n assistentregistrateur.[2] Tot 1968 nog was die registrateursamp 'n pos wat deur slegs een persoon gevul is. 'n Toename in studente, gevolg deur groter verpligtinge – administratief én akademies, sowel as veelvuldige ander bestuursverpligtinge – het laat gedurende die sestigerjare daartoe gelei dat die registrateurspos in twee poste omskep is. Dit het beteken dat die finansiële administrasie van die akademiese administratiewe verpligtinge geskei is, en die registrateursverpligtinge in 1976[3] volgens Figuur 8.1 só daar uitgesien het: Gedurende die rektorstermyn van prof. Tjaart van der Walt is van 'n registrateur binne die PUK se administratiewe bestuurskader verwag om die volgende funksies uit te voer:

- Sekretaris van die Universiteit, die Raad en Senaat
- Universiteitspublikasies oorkoepelend beheer
- Skakeling met die Departement van Nasionale Onderwys en die Komitee vir Universiteitshoofde
- Buitelandse betrekkinge bestuur
- As informele inligtingspunt dien

Die registrateur het die Akademiese Administrasie, Departement Vergaderingadministrasie, Personeeladministrasie en Studentedienste oorhoofs bestuur. Daarby het die Studenteburo, die Sportburo en die Kampus Mediese Diens (KMD) ook onder registrateurstoesig gefunksioneer.[4] Vir etlike jare hierna is bostaande struktuur, soos in Figuur 8.1 aangedui, vir die registrateurspos gehandhaaf. In die rektorstermyn van prof. Carools Reinecke is die verpligtinge van die registrateurs verder verfyn. Die administratiewe struktuur van registrateursverpligtinge is in 2002 verder uitgebrei met die benoeming van die Rektor, dr. Eloff, soos in Figuur 8.2 hieronder aangetoon word.

Die nuwe strukturele bedeling vanaf 2004 het ook voorsiening gemaak vir 'n institusionele registrateur wat die Noordwes-Universiteit moes bedien (kyk Hoofstuk 3). Ter wille van 'n geordende bespreking is die inhoud wat verder volg, benader volgens bostaande raamwerk, soos dit in 2002 bepaal is.




*Figuur 8.2: Registrateursverpligtinge soos teen 2002*



*Personeel gemoeid met administratiewe sake, ca. 1956: agter v.l.n.r. Proff. S. du Toit (Registrateur), J.S. du Toit, D.J. van Rooy, J.P. van der Merwe, H.J.J. Bingle, mnr. G.P. Schoeman; voor v.l.n.r.: Mnr. C.J.H. Schutte (Registrateur: Finansies), proff. G. Dekker, J. Chr. Coetzee (Rektor), D.C.H. du Preez, D.J. Viljoen (Bron: PUK-Argief)*

## 8.2 Universiteitsadministrasie

Soos in die vorige afdeling aangetoon is, was alle administrasie van die Universiteit voor en na die verkryging van selfstandige status in 1951 onder toesig van 'n registrateur[5] geplaas. In wese het afdelings soos Terreine en Geboue, die Administrasie self, Losieshuise en die Biblioteek toe nog apart gefunksioneer. Die administratiewe bestuurstruktuur het gedurende die vyftigerjare soos volg daar uitgesien:[6]

Toe die Rektor prof. J. Chr. Coetzee die tuig neergelê het, was ander poste ook al gereed om 'n vaartbelynde administratiewe struktuur te verseker. Onder meer was daar die poste van organiseerder, rekenmeester, skakelbeampte, eksamen- en registrasiebeampte en klerklike assistente. Sowat 13 persone is in laasgenoemde amp aangestel, terwyl die aantal tiksters/klerke 12 getel het.[7] Administratiewe ondersteuningspersoneel was ook in die Ferdinand Postma-biblioteek, by die koshuise, op die ter-



*Studentesentrum-personeel en Instrumentmakery (Bron: PUK-Argief en foto-albums)*





*Fig. 8.3: Komponente van administrasie onder toesig van die registrateur*

Rektor
Registrateur
Assistentregistrateur
Uitbreidingsamptenare
Boekhouer
Hoofklerk
Senior tiksters en klerke
Tiksters en klerke

rein en in geboue werksaam. Geleidelik is bykomende administratiewe funksies en behoeftes geïdentifiseer wat die getalsterkte binne ondersteuningsdienste nog verder laat groei het. So byvoorbeeld is 'n sekuriteitsdiens in 1978 gevestig asook interfakultêre hulpdienste wat gerig was op die Universiteit se Instrumentmakery, Studentesentrum, Rekensentrum, Kampus Mediese Diens en Elektroniese Dienste. In dié tyd is ook 'n proefdierbeampte aangestel.[8]

Ander toenemend ontwikkelende komponente van die administrasie wat gedurende die tagtigerjare onder toesig van die registrateur was – benewens die vermelde ondersteuningsdienste en Finansiële Administrasie – was die Departemente Personeeladministrasie, Vergaderingadministrasie en Akademiese Administrasie soos in Figuur 8.3 aangetoon:[9]

Tot 1988 nog was departemente soos byvoorbeeld die Departement Finansies en Koshuisadministrasie sowel as die Departement Openbare Betrekkinge, Sekuriteitsdienste en Rekenaardienste almal onder toesig van die Viserektor: Finansies en Beplanning, maar is teen 1990 onder die toesig van die Registrateur: Finansies en Beplanning geplaas.[10] Daarteenoor was die registrateur self vir hoofsaaklik die Departement Vergaderingadministrasie en Akademiese Administrasie verantwoordelik.[11] Anders as kort na 1951 was die Biblioteek as ondersteuningsdiens in die tagtigerjare onder beheer van die Viserektor: Akademie en Studente,[12] en vanaf 2002 onder toesig van die Registrateur: Akademiese en Korporatiewe Administrasie. Die volgende seleksie van ondersteuningsdienste, ingedeel volgens die reeds gegewe uiteensetting in Figuur 8.2, word vervolgens bespreek.




***J.A. Venter, die eerste Fakulteitsadministrateur, 1967 (Bron: PUK-Argief {CV's})***

## 8.3 Dienste onder toesig van die Registrateur: Akademiese Ondersteuning en Bestuursinligting

### 8.3.1 Akademiese Administrasie/ Steundienste

Teenoor die funksies van Vergaderingadministrasie, soos later in hierdie hoofstuk uitgewys word, het die Departement Akademiese Administrasie oor jare heen die volgende bedien: die studentestelsel en fakulteitsadministrasie in sy geheel, die toelatingsafdeling (nuwe aansoeke), bedryfsafdeling (onder meer die registrasie van studente), 'n organisasie-afdeling vir die Jaarboek, gradeplegtighede, intreeredes sowel as die hantering van die eksamenafdeling. Gedurende die vyftiger- en sestigerjare was hierdie take bloot deel van die verpligtinge binne 'n groter administratiewe verband.[13]



Studiekursus ..B.A. ....................

Registrasie No. ..4621 ....................

Famielienaam ..Bingle .................... Volle Voorname Hendrik Johannes Jacob ....................

Geboortedatum ...15 Augustus 1910... Geboorteplek ..Colesberg..K.P. ......... Laaste Skool ..Steynsburg ....................

Datum van Matriek, (of ekwiwalente) Eksamen
Desember 1927.

Naam van Ekwiwalente Eksamen
Matrikulasie-Eksamen. (gel. Ches. C. Grant)

Onderwerpe vir Matriek, of Ekwiwalente Eksamen geneem
Afrikaans, Engels, Duits, Geskiedenis
Natuur- & Skeikunde, Matesis.

Naam en Adres van Vader of Voog (of gewone Privaat Adres)
Mev. E. H. Bingle, Steynsburg.

Adres in Potchefstroom "Ons Huis". [illegible]

STUDIEKURSUS.


| Onderwerpe* | Uitslag. | Onderwerpe.* | Uitslag. | Onderwerpe.* | Uitslag. |
|---|---|---|---|---|---|
| Eerste Jaar, 1928. | | Derde Jaar, 1930. | | Vyfde Jaar, 1932.. | |
| Hollands I | 1928 | Hollands III | 1930 | M. Ed. | 1 |
| Geskiedenis I | " | Geskiedenis III | " | | |
| Skeikunde I | " | Skeikunde I | " | | |
| | | Duits I | " | | |
| Twede Jaar, 1929.. | | Vierde Jaar, 1931. | | Sesde Jaar, 1933.. | |
| | | H.O.D. | 1931 | | |
| Hollands II | 1929 | Opv. Teorie. | " | M. Ed. | 1933. |
| Geskiedenis II | " | Opv. Gesk. | | | |
| Ekonomie I | " | Opv. Geskied. | | | |
| Ekon. Geskiedenis. | " | Opv. Higiëne. | | | |
| | | Praktiese Onderw.; Bordwerk; | | | |
| | | Elokusie; Taalwerk; Houtwerk. | | | |

Handtekening ....................

*b.v. Geskiedenis II of Dierkunde III al na geval.

Datum ....................

*'n Voorbeeld van die "met-die- hand-skryf-dae" van studentekaarte (Bron: Akademiese Administrasie {mnr. Willem Pienaar})*





*Studente druk besig om te registreer, toe en teen die negentigerjare (Bron: PUK-Argief en Die Wapad, ca. 1972)*



*J.A. (Stoney) Steenkamp as eerste Direkteur van die Departement Fakulteitsadministrasie, 1977 (Bron: PUK-Argief)*

In 1967 is J.A. Venter as Fakulteitsadministrateur benoem om die groter wordende akademies-administratiewe verpligtinge te bestuur[14] – 'n vertakking waarvan hy reeds vir enkele jare as registrateursassistent kennis en ervaring gehad het. Die hantering van studenteregistrasie en -rekords sowel as eksamens was die vernaamste verpligtinge, terwyl die sekretariële verpligtinge van die Uitvoerende Komitee en Senaat ook hanteer moes word.[15] Dit was die dae van "met die hand skryf" toe elke student 'n persoonlike kaart gehad het en elkeen se vordering en ander tersaaklikhede jaarliks noukeurig aangeteken is.[16]


Algaande het die bekendstelling van elektroniese toerusting, sowel as die gepaardgaande kompleksiteite meer vaardighede van elke personeellid vereis.[17] Die eerste verwerking van gerekenariseerde eksamenuitslae is gedurende 1970-1971 gedoen.[18]

In die rektorstyd van prof. Tjaart van der Walt, is J.A. (Stoney) Steenkamp, die vroeëre hoof, benoem as die eerste Direkteur van Fakulteitsadministrasie en is dié afdeling as 'n afsonderlike departement beskou. Verder is vyf fakulteitsekretarisse ook aanvanklik benoem wat onder meer verantwoordelik was vir die sekretariële verpligtinge van die onderskeie fakulteiteite tydens die kwartaallikse fakulteitsvergaderings.[19] Hierdie spesifieke funksie is stelselmatig vanaf die begin van die tagtigerjare afgeskaf.

Met behulp van die nuut gevormde Departement Akademiese Administrasie (in 1978)[20] is hierdie verpligting gaandeweg na die nuut benoemde administratiewe bestuurders binne die fakulteite oorgedra. Dit het die Departement kans gegee om meer gerig te wees op die volgende studenteverwante akademiese funksies:

- Studenteregistrasie en die hantering van aansoeke
- Kurrikulumkontrole en die datavaslegging van aansoeke
- Studenterekords en klaslyste
- Bedryf en bestuur
- Jaarboek
- Eksamens (roosters en vraestelle)
- Gradeplegtighede[21] ('n funksie tot 2000, maar is hierna deur VGA hanteer)
- Samewerkingsooreenkomste van fakulteite met opleidingsinstansies soos die Open Learning Group, die beslag gee aan die telematiese leerprogramme van die Bestuurskool en Verpleegkunde, sowel as fleksieonderrig is hanteer.

Sedert 1983 het die Departement Akademiese Administrasie afsonderlik van die res van die administratiewe komponent gefunksioneer. Met sy sowat 11 personeellede,[22] het die Departement tot 1 Januarie 1989 op hierdie wyse sy werkverpligtinge verrig; daarna is dit onder die oorhoofse bestuur van die registrateur geplaas. Mnr. W.J. Pienaar, wat in 1983 by mnr. Steenkamp oorgeneem het, was toe steeds die Direkteur.[23] Hierdie bestuursverskuiwing het terselfdertyd saamgeval met 'n groot verandering in die studentestelsel wat te midde van 'n rasionaliseringsprogram gefinaliseer moes word.[24] Tot in dié stadium het die gradeplegtigheidsprogram en -reëlings van die Universiteit ook toenemend gekompliseerd begin raak. Sowat 11 gradeplegtigheidsgeleenthede is gedurende die loop van 1989 deur hierdie Departement hanteer – reëlings wat byvoorbeeld ook die druk van 2 289 graad- en diplomasertifikate ingesluit het.[25] Die Departement Vergaderingadministrasie sou vanaf 2000 hierdie funksie by die Departement Akademiese



*Mnr. W.J. Pienaar, 1983* **(Bron: PUK-Argief)**

Administrasie oorneem op grond van die omvang en groei van gradeplegtighede (in 2000 sowat 24 per jaar).

Aan die begin van die negentigerjare het die groei in studentegetalle baie druk op die bestaande rekenaarstelsels van daardie tyd geplaas.

'n Behoefte aan die inwerkingstelling van nuwe tegnologiese hulpmiddels het uitgeloop op 'n samewerkingsooreenkoms tussen die Universiteite Stellenbosch, Pretoria en die PUK. Daarop is die Universiteitskommunikasiestelsel (Unikom) vir etlike jare binne die administratiewe en akademies-administratiewe komponente gebruik voordat verdere verkenning as nodig geag is en elke universiteit weer 'n eie weg ingeslaan het. Weer eens was dit 'n verandering wat die Departement Akademiese Administrasie so effektief as moontlik binne die bestaande raamwerk van hulle funksies moes hanteer.

Verdere kompleksiteite en eise in die daaropvolgende jare het saamgeval met die vestiging van bykomende akademiese programme, en die inkorporering en tegnologiese opgraderings om die stygende studentegetal so goed moontlik te bedien. 'n Inkorporering wat kort voor die eeuwending 'n dramatiese impak gehad het op die wyse waarop die akademiese bestuur hanteer moes word, was die inskakeling van die Potchefstroomse Onderwyskollege by die PU vir CHO. Eksterne akademiese samewerkingsooreenkomste van die POK moes onder meer omvorm word om binne die PUK-struktuur in te skakel.

Met net te veel geïsoleerde samewerkingsooreenkomste binne die PUK se Akademiese Administrasie, is 'n proses vanaf 2002 begin om die telematiese leerstelsel so te ontbondel dat dit vanaf 2004 eerder deel van die akademiese stelsel van die PUK-kampus sou wees. Daarby sou die beoogde nuwe bestuurstruktuur vanaf 2004 die akademies-administratiewe personeel opnuut konfronteer met 'n ingrypend ander hanteringswyse wat nodig sou wees om 'n eenvormige akademiese bestuurstelsel te verseker. Binne hierdie nuwe bestuurstruktuur sou die Universiteit van die Noordweste (vanaf 2004 bekend as die Mafikengkampus) saam met die PUK-kampus en Vaaldriehoekkampus en Vista Sebokeng deel van die nuwe Noordwes-Universiteit (NWU) vorm. Teen hierdie stadium was die Departement Akademiese Administrasie ook besig om 'n nuwe elektroniese taal binne hul departementele bestuurstelsel te implementeer om meer funksioneel te wees vir die groter wordende eise binne 'n nuwe universiteitsbedeling.[26]



***Die formele ondertekening van 'n ooreenkoms tussen die US, UP en PUK om die Unikom-stelsel te vestig (Bron: PUK-Argief)***

## 8.3.2 Rekenarisering – Departement Inligtingstegnologie en -Bestuur (ITB)

Moontlik die eerste woorde oor die eventuele daarstelling van die Instituut vir Tegnologie is in 1960 gebruik toe gesprekke oor die haalbaarheid om 'n ingenieursfakulteit tot stand te bring, 'n aanvang geneem het.[27] Sedertdien het die KUH die inisiatief geneem om tegnologiese innovering op tersiêre vlak te bevorder, maar veral vanaf 1979 was hierdie pogings sterk beklemtoon. Die aansporing dat universiteite die nuutste tegnologie moet benut, is ook aan hierdie Komitee te danke.[28] Rekenaar- en kommunikasietegnologie aan die PU vir CHO het, soos in die geval van etlike ander instansies, baie sterk ontwikkel rondom die IBM-hoofraamomgewing.[29]

Gedurende Julie 1988 is die Departement Bestuurs- en Inligtingsdienste geherstruktureer om veral die inligtingsbestuur van etlike intydse stelsels (soos byvoorbeeld die hoof-, personeel-, debiteure- en finansiële stelsels) van die PUK uit te brei. Die studentestelsel is aangepas by die gerasionaliseerde vakpakkette en 'n beroepsmonitorstelsel met die oog op sinvolle beroepsvoorligting is ontwikkel. Voorts is 'n stelsel vir die hantering van personeel se curricula vitae en 'n toegangsbeheerstelsel vir die Ferdinand Postma-biblioteek ontwikkel.[30]

ISM-toerusting (voorheen IBM) is in Mei 1989 aangeskaf, waarna 'n bestuurspan saam met rekenaarkundiges 'n beplanningsbyeenkoms gehad het om te verseker dat die toekomstige rekenaarvoorsiening van die PUK so relevant moontlik vir die vereistes van die tegnologiese tyd sal wees.[31] Met behulp van etlike skenkings van ekonomiese instellings soos Trust Bank, Volkskas (tans gegroepeer as deel van ABSA) en die SNO is rekenaartoerusting geïnstalleer tot voordeel van die aanbied van nagraadse kursusse en vir rekenaargesteunde onderrig – laasgenoemde aan die Vaaldriehoekkampus.[32]

Die Universiteit het enkele maande later 'n Convex-superrekenaar van Sepco ('n filiaal van Datakor) aangeskaf vir gebruik deur die Ingenieursfakulteit.[33] Daarop het gevolg die bruikleenbekendstelling van die Simulasiefasiliteit (beeldverwerkingsfasiliteit) van die ISM by die Vaaldriehoekkampus op 28 Augustus 1989.[34]

Teen Oktober 1989 het die KUH, in sy tiende bestaansjaar as deel van die Aankoopkonsortium, die slagspreuk, "Ons koop saam in die negentigs", as tema gebruik. Hiermee is gepoog om te voldoen aan die eise van die tegnologiese era as een van die realiteite om internasionaal mededingend te wees. Laer aankoopkoste deur 'n groter bedingingsmag en kennisuitruiling is met hierdie stelsel beoog.[35]

Van die PUK se kant is voortgegaan om die Universiteit se skakeling met maatskappye te bewerkstellig om so-




*Die bekendstelling van die IBM 1130, Sept. 1967 in die Rekensentrum: v.l.n.r. Prof. H.J.J. Bingle, mnr. J.F. Clark (Verkoopsbestuurder, IBM in SA), me. K. Moraal, proff. J.F. de Beer en W.P. Robbertse (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

doende 'n tegnologievennootskap onder die vaandel van "PUKtech", oftewel later Techno-PUK, te vestig. Daarmee is pertinent probeer om 'n gesonde balans tussen formele onderrig, basiese navorsing, tegnologie-ontwikkeling en -oordrag asook konsultasiewerk te verkry.[36] Gepaardgaande hiermee het 'n kwartaallikse nuusbrief genaamd Techno-PUK beslag gekry. Daarin is klem gelê op tegnologiegebruik en -ontwikkeling aan die PUK vir die kennisname van besluitnemers in verskeie sektore.[37]

Binne die bedryfstruktuur van die PUK is die installering van departementele rekenaars in die Fakulteit Natuurwetenskappe en Ingenieurswese in 1990 onderneem. Daarby is drie bykomende PC-lokale met TSM-mikrorekenaars vir opleidingsdoeleindes ingerig en aan lokale-areanetwerke gekoppel. Gebruikersopleiding is 'n ander aspek van rekenarisering wat jaarliks uitgebou is om in gebruikers se behoeftes en rekenaarintreevlakke te voorsien.[38]

Die instelling van die pos Bestuurder: Tegnologie en Ontwikkeling, wat in 1990 gewysig is na Uitvoerende Direkteur: Tegnologie en Ontwikkeling, het die PUK in hierdie opsig laat beweeg na die voorpunt van tegnologiese ontwikkeling aan Suid-Afrikaanse universiteite. Personeeldienste en die voormalige Departement Rekenaardienste en Bestuurs- en Inligtingsdienste is reeds voor dié datum ingespan om saam te werk in die ondersoek na inligtingstegnologie en -bestuur in die breë. Daarop het in September 1990 gevolg die goedkeuring van 'n nuwe struktuur waarin al die vermelde voormalige departemente sowel as die Telefoonafdeling en Elektroniese Dienste saamgegroepeer is as die Departement Inligtingstegnologie en -Bestuur met dr. A.J. van der Walt as Direkteur. Hierdie nuwe departement moes voorsiening maak vir afdelings in inligtingstelsels, gebruikersopleiding, netwerke, bedryfstelsels, bedryf oor die algemeen, elektroniese dienste en administratiewe ondersteuning.

Die PUK het terselfdertyd besluit om van IBM se nuutste tegnologie, die RS/6000-reeks se kragtige werkstasies en bedieners as hardeware gebruik te maak. PUKNET is van Januarie 1990 af ontwikkel, terwyl die tikafdeling gedesentraliseer is.[39] Hierdie Afdeling was jarelank 'n onontbeerlike faset van die PUK, maar moes voor die druk van die verbeterde tegnologie swig.

'n Toename in belangstelling vir rekenaargesteunde onderrig (RGO) het gelei tot die daarstelling van 'n belangegroep, bestaande uit die BUO (later BAS),[40] die Biblioteek en ITB, wat aandag moes gee aan die didaktiese beginsels van inligtingstegnologie. Summit is as dopprogram aangekoop, en riglyne opgestel waarvolgens aansoeke vir die loodsing of voortsetting van programme oorweeg kon word.[41] ITB se eerste amptelike en besonder onstuimige bestaansjaar was dan ook 1991. 'n Oorbesetting van die sentrale gebruikerslokale, ontevredenheid met herstrukturering, 'n meer indringende benadering om te verseker dat die oorbesteding van R1,44 miljoen nie herhaal word nie, sowel as die eis dat 'n groter verbruikersdissipline aan die dag gelê moes word, was groeipyne wat oorkom moes word.[42]

Terselfdertyd is aandag gegee aan effektiewe wyses waarop die tegnologie in onderrigprosesse benut kon word. Een van die eerste ooreenkomste in dié verband wat gerealiseer het, was dié met die Africa Growth Network (AGN) aan die einde van 1994. Dit was 'n samewerkingsooreenkoms met die California State University, waarin satelliettegnologie benut is om kennis van die PU vir CHO deur middel van 'n tegnologiese netwerk te versprei. Die nuwe voorgraadse studierigting, die Baccalareus in Bedryfsadministrasie, was die eerste graadkursus wat as 'n uitvloeisel van die AGN-verbintenis tot stand gekom het.[43] Ten einde 'n effektiewer diens sonder oorbesteding daar te stel, is besluit om die hoofraamrekenaars wat 'n jaarlikse bedryfskoste van R1,25 miljoen gehad het, teen 1995-1996 te laat uitfaseer sodat die funksies van PUKNET sommige hoofraamfunksies kon hanteer.[44] Daarmee het die fokus van gerekenariseerde opleiding in Cobol- en Aspen-voorligting geleidelik verskuif na opleiding binne 'n mikrorekenaaromgewing. Die sowat 1 450 mikrorekenaars wat op die PUK-kampus teen 1994 was, is aan PUKNET verbind, met sowat 126 mikrorekenaars by die Vaaldriehoekkampus.[45] Die toenemende gebruik van inligtingstegnologie in onderrig het ook verdere eise aan die infrastruktuur gestel. Hieronder tel fasiliteite en geleenthede vir die voorsiening/verskaffing en opgradering van rekenaarlaboratoriums, rekenaargesteunde onderrig en afstandsonderrig.[46]

'n Ander historiese aangeleentheid in die benutting van rekenaartegnologie op administratiewe vlak is die reeds vermelde samewerkingsooreenkoms van 1995 wat hanteer is deur die Unikomkomitee.[47] Hierdie besigheidstrust is gesluit tussen die inisieerder, naamlik die Universiteit van Stellenbosch, en die PU vir CHO en die Universiteit van Pretoria. Etlike Unikomstelsels is hierna ontwikkel vir die Adabas-databestuurstelsel.[48] So ook is oorgeskakel na No-



*Rekenaaropleiding vir PUK-personeel met me. M.E. (Elize) van Dijken as opleier, Julie 1991*
*(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

vell 4.1 wat die Groupwise-produk met 'n verskeidenheid fasiliteite gebied het. Die gebruik van internettoegang sedert 1994 het teen die einde van 1997 sodanig toegeneem dat ongedissiplineerde internetgebruik gerapporteer is. Hierdie aspek is ook as 'n moontlike ruimte vir kwaadwillige indringers geïdentifiseer. 'n Gebruikerskosteverhalingstelsel is ingestel om gedissiplineerde internetgebruik te bevorder, en die Firewall-1 program is geïmplementeer om 'n sekuriteitsmuur vir die PUK-netwerk te verskaf.[49]

Vir 'n kortstondige tyd is die reeds vermelde Unikomstelsel gebruik. Pas na die implementering van die derde weergawe van die Unikomstelsel is die samewerkingsooreenkoms beëindig, sodat die IT3-ES in Augustus 1999 sy dienste op hierdie terrein beskikbaar gestel het.[50] Al die reeds vermelde fasette van tegnologie-ontwikkeling het ook meegehelp om die Raad van die Universiteit te laat besluit om teen 2002 die pos van Viserektor: Tegnologie in te stel.[51]

## 8.4 Ondersteuningsdienste onder beheer van die Registrateur: Finansies en Bedryf

### 8.4.1 Finansiële Administrasie


Sommige van die funksies van hierdie departement, soos dit teen 2003 was, was sedert die vyftigerjare onder toesig van die registrateur. Die registrateur moes ook gereeld verslag doen aan die Komitee vir Finansies en Eiendomme wat op hul beurt aan die Raad verslag gedoen het.[52] Finansiële Administrasie het aanvanklik bestaan uit maar sowat drie personeellede en was gehuisves in sinkgeboue agter die PUK-hoofgebou. Tog was dit die een departement waarop buitengewoon gesteun is vir die "kommervrye" voortbestaan van die PUK. Vir etlike jare is die boekhouding van die Universiteit in die snikhete of yskoue sinkgeboutjies hanteer voordat die L.J. du Plessis-gebou (gedurende die vyftigerjare bekend as die Sanlam-gebou)[53] betrek is. Dit was ook die dae toe salarisse met die hand verwerk is voordat boekhoumasjiene vanaf 1964 die werk vir die personeel makliker hanteerbaar gemaak het. Koshuisfinansies en die betalings vir instandhoudingsdienste wat gelewer is, was alles sake waarby die Departement Finansiële Administrasie vir jare betrokke was, en is met behulp van bekwame boekhouers oftewel rekenmeesters hanteer.[54]

- **Staatsubsidie**

Die bedryfskoste van 'n universiteit soos teen die vyftigerjare is hoofsaaklik gedek deur toekennings van die staat. Hiermee is erkenning verleen aan sekere vakwetenskappe as basiese vakke, waaronder Geskiedenis, Engels en Sosiologie. Vir elkeen van hierdie departemente is 'n basiese bedrag aan die Universiteit toegeken. Standaardvoorsieningstoekennings is ook gemaak wat vyf belangrike terreine gedek het, te wete die onderrigbehoeftes in verhouding tot die aantal studente en studiekursusse, administratiewe behoeftes, biblioteek-, laboratorium- en herhalende behoeftes (terreinonderhoud, rente en delging van lenings, bydraes van die Raad tot die pensioen- en voorsorgfonds, ens.)[55] In 1951 het die PUK 'n omset van £154 000 gehad met bates geraam op £400 000. Sedertdien het die subsidietoekenning aan die PUK só daar uitgesien (Kyk Fig. 8.4): Die staat het aan die begin van die sestigerjare die PUK met die subsidietoekenning in staat gestel om 78% van sy uitgawes te dek. Teen 1966 het hierdie uitgawes reeds die volgende bedrae ingesluit: R27 406 vir navorsing; R888 066 vir algemene uitgawes en die res vir personeelvergoeding. Vir hierdie jaar het die staatsubsidie sowat 69,25% van die totale inkomste van die Universiteit verteenwoordig. Terselfdertyd is 'n skuldlas van R2 853 340 aangeteken wat sowat 50,71% uitgemaak het van die totale bates wat bekom is. Gelukkig vir die PUK is 'n ondersoek vanaf 1969 tot 1973 geloods waarna die subsidieformule hersien is[56] soos ook gereflekteer word deur die subsidietoekenning van 1976. Sedertdien het die staat subsidietoekennings op 'n jaarlikse basis begin afskaal om 'n groter spektrum van tersiêre instellings finansieel te kan ondersteun. Die afskaling was sodanig dat die staatsubsidie teen 1998 op 37,18% gestaan het. Met die nuwe fokusareas gevestig, het hierdie persentasie teen 2003 tot 43,27% verbeter.[57]

- **Die Registrateur: Finansies**

Met die benoeming van 'n registrateur vir die hantering van finansies in 1969, is die administratiewe samestelling sodanig gewysig dat dit onder die toesig van hierdie Registrateur, mnr. C.J.H. Schutte,[58] kon val. Die afdeling vir Rekeningkundige Administrasie[59] en 'n interne ouditeursafdeling met gesamentlik sowat 18 personeellede[60] was deel van hierdie administratiewe samesmelting. Prof. Nic Swart was vanaf 1980 as Viserektor: Finansies en Bedryf




*Figuur 8.4: Staatsubsidie aan die PUK, 1952-2003*

die oorhoofse toesighouer.[61] Die volle administratiewe krag was toe in die nuwe "Administrasie-gebou" geakkommodeer.[62] Hierdie gebou het vanaf laat gedurende die tagtigerjare as die Joon van Rooy-gebou bekend gestaan.

Teen 1989[63] het die toesighoudende plig van die viserektor ten opsigte van die administratiewe departemente al uitgebrei soos in die onderstaande uiteensetting aangetoon word:

Prof. I.J. Rost is in 1991 as nuut benoemde Registrateur: Finansies aangestel.[64] Die Departement Beskermingsdienste, soos bo aangetoon is, word in die volgende onderafdeling aangeraak, terwyl die res gedeeltelik in ander hoofstukke bespreek word.

'n Redelik nuwe diens wat vanaf laat gedurende die negentigerjare gelewer is, hoewel nog in die ou gewaad van Beurse en Lenings, het onder 'n nuwe naam, Finansiële Steundienste, gefunksioneer. Dit was 'n effektiewe stelsel van beurse (PUK-Studiefonds) en lenings (PUKfos) om studente by te staan.[65] Saam met baie ander vorms van dienslewering aan studente is met die Departement Finansiële Steundienste gepoog om studentedienste te desentraliseer en effektief te sinchroniseer. Hieronder tel die meer funksionele bestuur van beurse en leningsmoontlikhede deur byvoorbeeld die sentralisasie en funksionele bestuur van alle beurse wat in fakulteite beskikbaar was.[66]

## 8.4.2 Die PU vir CHO se Militêre Eenheid (ME) en die Departement Beskermingsdienste

- **Militêre Eenheid**

Twee militêre eenhede was aan die PUK verbonde waarvan die Eerste Waarnemingsbattery die eerste eenheid was wat in 1946 gevestig is. Die Eenheid is sedert sy vestiging met die PU vir CHO verbind omdat Potchefstroom die veldartillerieopleidingsentrum was. Prof. A.P.G. Goossens is in 1948 as die eerste bevelvoerder met die rang van majoor aangestel. Die belangstelling in die Eenheid het so gegroei dat dit in 1949 in die Eerste Observasieregiment (1 Observasieregiment, S.A.A./A.B.M.) omskep is. Op hierdie stadium het die Universiteite van Pretoria (Tukkies) en die Oranje-Vrystaat (Kovsies) ook elkeen 'n eie battery gevorm - en elkeen het sy eie fokus gehad. Die PUK was die Radar-battery met Goossens as kommandant. Goossens is in 1955 deur majoor L.J. le Roux opgevolg.[67] Huisvesting vir lede is in die militêre basis van Potchefstroom verskaf.

In 1959 het verdere uitbreiding gevolg toe die Eenheid in drie veldartillerieregimente omskep is wat elkeen een van die vroeër vermelde universiteite verteenwoordig het. Die



*Prof. Nic Swart, Viserektor: Finansies en Bedryf, 1980*
*(Bron: PUK-Argief en Album)*

**Administratiewe Departemente**

Finansiële Administrasie
Interne Oudit
Tegniese Dienste
Koshuisadministrasie (later Inwoning- en Voedseldienste)
Beskermingsdienste
Sentrale Publikasies

PUK was vanaf 1960 die Regiment Potchefstroomse Universiteit (RPU), oftewel die Potchefstroom-Noord/Cachet-/PU vir CHO-kommando genoem.[68] Tot op hierdie stadium was alle lede van die Eenheid burgermagvrywilligers wat uitsluitlik uit dosente, studente en oudstudente bestaan het. Die eerste RPU-bevelvoerder was prof. H.L. Swanepoel.[69] Daarna het mnr. W.J. Voordewind oorgeneem, gevolg deur prof. G.N. van den Bergh. Die bevelvoerders wat hierna gevolg het, was nie aan die Universiteit verbonde nie. Met die verpligte dienspligstelsel het die Eenheid 'n gewone burgermageenheid geword, maar die naam RPU is behou. Teen 2004 was die RPU onaktief.[70]

Verder terug, nog voor 1980, was vername doelwitte van die RPU die verdediging van die Universiteit en die ondersteuning van dienspligtige studente deur onder meer huisvesting te verskaf. Gedurende die Desembermaande van 1978 en 1979 het lede van die RPU ook vir die eerste keer grensdiens verrig.[71] Lede van die gemelde Cachet-kommando by wie sommige PUK-personeel as bevelvoerders ingeskakel het, was onder meer kommandante J.A.L. Taljaard (dosent in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte), J.N.F. Bosman (dosent aan die POK) en C.V. Breytenbach (dosent in Maatskaplike Werk). Laasgenoemde was bevelvoerder vanaf 1974 tot 1977. Hierna het F. Venter en T. Larney tydens die bestaan van die PU vir CHO-kommando



# Puk soldate bes opgeleides

— Elzareé Brits —

**Die Puk se militêre eenheid, het soos in die verlede, die afgelope somervakansie hul studenteklere vir die militêre uniform verruil. Hulle het ongeveer twee maande militêre diens verrig in Sektor 10.**

Die spook van die November eksamen was nog nie behoorlik koud nie of die 200 manne moes die haarkapper besoek, en vinnig hulle "browns" gereed kry! Dokumentasie en Administrasie is binne 2 dae voltooi. Na 'n kerkparade wat gelei is deur die eenheidskapelaan, Kpln. (prof) Christie Coetzee, is afskeid van die manne geneem. Die kerkparade is o.a. bygewoon deur die Rektor kol. (prof) Tjaart van der Walt, en brigadier (prof) Faan du Plessis. Suiderkruis het aan elke man 'n pakkie gegee. 'n T-hempie waarop staan "Aster sê vasbyt" is deur die ondervoorsitster, René Scheepers aan elke man oorhandig.

Die manne het 'n opknappings- en oriënteringskursus in die bos gedoen voordat hulle na die operasionele gebied uitgeplaas is. Evaluasie het getoon dat die Pukke die bes opgeleide groep was.

Die manne het buiten die normale take ook aan opvolg-operasies deelgeneem. Tydens een van die operasies was 'n groepie in 'n landmyn ontploffing betrokke. Almal is dankbaar dat daar geen lewensverlies was nie.

Van die eenheid se lede was ook betrokke in Operasie Daisy. Diegene wat tydens A.L. Venter se televisie program "fyn opgelet het" kon dalk 'n Puk tussen baard en stof herken het.

Een van die Pukke is gevra hoe hy die diens aanvaar en of dit moeilik is om een dag student en die volgende dag soldaat te wees. Hy het gesê hy is dankbaar dat hy op hierdie wyse tot diens van sy land kan wees. Hy het ook gesê: "Ons het geen klagtes nie, selfs die kos is goed".

Sersant Bert Weenink, 'n Puk, was grootliks vir die tevredenheid verantwoordelik — hy was die sjef. Stafsersant Conradie het gesê die moreel van die manne was baie goed, en dat daar 'n goeie verstandhouding was tussen die manskappe en die leierselement.

Na 'n suksesvolle diensbeurt, was die meeste manne betyds terug en kon hulle darem 'n naweek tuis deurbring voor die Puk begin. 'n Paar het a gevolg van spesiale diens laat teruggekom, maar is teen die tyd weer besi met akademie.

Die bevelsgroep is ver welkom met 'n formele onthaal deur die rektor, by sy huis. Tydens die funksie het die rektor gesê die universiteit is trots op Pukke wat hulle ook op militêre gebied onderskei.

*Militêre bedrywighede op die PUK-kampus*
*(Bron: PUK-Argief {P.J. van der Walt-album})*


as waarnemende bevelvoerders daarvan ingestaan. Vanaf 1 Januarie 1980 is die benaming PU vir CHO-kommando verander na die PU vir CHO Militêre Eenheid. Kolonel P.J. van der Walt is as bevelvoerder daarvan benoem.[72] Vir die PUK was die stigting van sy eie Militêre Eenheid (ME) op 1 Januarie 1980, met kolonel Van der Walt in bevel, 'n hoogtepunt,[73] veral omdat dit as die oudste eenheid eerste tot stand gekom het. In dieselfde jaar het die PUK se Militêre Eenheid, saam met twee ander universiteite se militêre eenhede as die heel eerste van sy soort in Suid-Afrika gefunksioneer. Vanaf 1982 het die PUK se Militêre Eenheid "administratiewe verblyf" in die J.S. (Faan) du Plessis-gebou[74] op die PUK-kampus gekry.[75] Grensdiens is voortgesit. Kol. P.J. van der Walt is in hierdie stadium aangewys as bevelvoerder en as Direkteur van die Buro vir Militêre Aangeleenthede aan die Universiteit. 'n Verdere hoogtepunt vir die PU vir CHO se ME was toe dr. Willem Cruywagen[76] (toe Administrateur van die destydse Transvaal-provinsie) as erekolonel binne die PU vir CHO-geledere verwelkom is.

Die rol van die PU vir CHO-ME in die ontwikkeling van 'n nagraadse diploma in Terrein-evaluering het in November 1983 die eerste gegradueerdes op hierdie spesialiteitsgebied opgelewer. Die Buro vir Militêre Aangeleenthede is ook in die J.S. du Plessis-gebou gevestig waar defensiewe en offensiewe terreinuitvoerbaarheidstudies gedoen is – 'n faset wat destyds vir die Suid-Afrikaanse Weermag van groot waarde was. Onder die studente wat deur die ME gewerf is, tel latere SR-lede en koshuisprimarii wat diensplig voltooi het, soos byvoorbeeld die SR-




*Sommige van die bevelvoerders van die Regiment Potchefstroom v.l.n.r.: Kol. Pieter van der Walt, kol. Gert van den Bergh, kol. Wim Voordewind 'n kapelaan en onbekend (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

voorsitter vir 1986-1989, V.E. d'Assonville. Die eerste dame om as adjunkvoorsitter benoem te word, Marlize Kruger, was 'n dienspligtige student van die ME. Sy is later ook as SR-voorsitter van die PUK benoem[77] (die eerste dame om op die PUK-kampus dié eer te beurt te val). Die betrokkenheid van studente by die PU vir CHO-ME was veral daarop gemik om die verpligtinge van hul dienspligtermyn op hierdie manier af te handel. Van korte duur was die geskiedenis van die ME toe dit in November 1990, te midde van 'n universiteitsproses om sinvol te rasionaliseer, ontbind het.[78] Na die ontbinding van die ME het grootskaalse rasionalisering binne die Suid-Afrikaanse Weermag gevolg, veral na die politieke transformasie van die land in 1994.[79]




*Kol. P.J. van der Walt (Bron: PUK-Argief)*



*Mnr.(later dr.) W.A. Cruywagen (eerstydse Administrateur van die Transvaal-provinsie) as erekolonel binne die PU vir CHO se Militêre Eenheid, 1982 (Bron: PUK-Argief)*



*Die eerste diplomaplegtigheid van 'n groep studente op 30 Nov. 1983 wat die kursus in Terrein-evaluering voltooi het: v.l.n.r. voor: Lt. L.M. Els, lt. E. Engelbrecht, lt. S.I. Christie, lt. A.D. Manson*
*v.l.n.r. agter: Prof. H.J. von Harmse (Inst. Bodemkunde), lt. P.I. Segatto, maj. D. Edwards (Plantkunde), lt. J.H. Mentz, prof. T. van der Walt (Rektor), lt. M.J. Meyer, genl.maj. J. Heyser, S.M. HSI, lt. G.A. Botha, kol. P.J. van der Walt (Direkteur: Militêre Buro) (Bron: PUK-Argief)*



***L.G. van der Ryst, Hoof: Terreine en Geboue, 1977 (Bron: PUK-Argief)***

## • Die Departement Beskermingsdienste

Met die aanvang van die vyftigtigerjare het die PUK 'n terreinopsigter gehad wat waarskynlik in 'n groot mate die rol as 'n beskermingsbeampte moes vervul.[80] Vir etlike jare is die status quo gehandhaaf totdat die Beplanningskomitee met dr. A.P. Goossens op 1 November 1974 die saak van burgerlike beskerming indringend bespreek het. Die blootstelling van die Universiteiteskampus veral gedurende vakansietye is as 'n probleem beleef. Daarom is besluit om 'n beskermingsplan hiervoor te ontwikkel.[81] Onder meer is eenheidsleiers en blokmanne benoem.[82] Studente het in die daaropvolgende jaar betrokke geraak as deel van 'n burgerlike beskermingsplan.[83]

Kort voor L.G. van der Ryst in 1977 aangestel is om die hoofskap oor terreine en geboue by M.G.L. Bosman oor te neem,[84] is maj. D. Toit as sekuriteitsbeampte vir die PUK benoem. 'n Jaar later is die Departement Sekuriteitsdienste gevestig met Du Toit as hoof.[85] In wese het dit daarop neergekom dat die twee vernaamste pilare van Kampusdienste, te wete Terreine en Geboue[86] sowel as Sekuriteitsdienste (vanaf 1989 Beskermingsdienste), afsonderlik gefunksioneer het. Dit was ook gedurende die tagtigerjare dat die beskerming van hoërisiko-areas meer prominent was as enige stadium vantevore. Om beter verkeer- en toegangsbeheer toe te pas, is 'n projek hiervoor laat in die tagtigerjare van stapel gestuur.[87] A.S. Engels het by Du Toit oorgeneem. 'n Intensiewer program wat in 1992 begin is om misdaad te beheer,[88] het daarna gevolg.

Toegangsbeheer is meer vaartbelyn gemaak met die installering van die Nasionale Verkeersinligtingstelsel (NAVIS) van toegangsbeheer by etlike uitgange van die kampus. Onderdakparkering vir personeel het ook aandag gekry.[89] Teen 1997 het die omheining van die PUK-kampus en toegangsbeheermaatreëls dit vergemaklik om kwaadwillige betreding te beheer. 'n Visenteringsbeleid is in 1997 deur



***Maj. D. du Toit, Hoof: Sekuriteitsdienste, 1977 (Bron: PUK-Argief)***



***A.S. (Dolf) Engels, Hoof: Beskermingsdienste, 1989 (Bron: PUK-Argief)***




***Die toegangsbeheerhek in Hoffmanstraat (Bron: Openbare Betrekkinge-elektronies)***

die BK goedgekeur en daarna verder verfyn.[90] Die diefstalsyfers was egter nog besonder hoog – die 126 gevalle van algemene diefstal in 1993 het byvoorbeeld gestyg tot 191 in 1997. Teen 1999 het die aantal gevalle van diefstal darem effe gedaal tot 167,[91] en daarna tot 137 in 2003.[92]

## 8.5 Sommige van die ondersteuningsdienste onder die Registrateur: Akademiese en Korporatiewe Administrasie


### 8.5.1 Vergaderingadministrasie (VGA en later SVGA)



*Die personeel van die Departement Vergaderingadministrasie, 1977: Me. J.C. Potgieter en Mnr. J.J.M. Verhoef (Bron: PUK-Argief {Fotografiese Dienste})*

Die VGA-departement is in 1977 tydens die rektorskap van prof. Tjaart van der Walt ingestel. 'n Pos wat voor hierdie verandering tot 'n groot mate die vaandel van die nuut gevormde departement gedra het, was dié van die komiteeklerk.[93] Onder die bestuur van die Assistent-registrateur (later Adjunkregistrateur) J.J.M. Verhoef is 'n verskeidenheid uiteenlopende sleutelaktiwiteite hanteer. Daaronder tel die skryf van notules (sowat 12-15 per kwartaal) vir onder meer die Raad, die Senaat, die Bestuurskomitee, die Uitvoerende Komitee en die Komitee vir Buitelandse Betrekkinge. Primêr-geskrewe dokumente moes ook geliasseer en geargiveer word.[94] Gedurende die eerste dekades na selfstandigwording was afdelings soos tikdienste, die telefoon-, inligtings-, pos- en die bodediens onder registrateurstoesig. Hierdie ondersteuningsdienste was teen 1983 deel van die funksies van die VGA.

Dienste soos die pos- en bodediens is aanvanklik op 'n eenvoudige wyse hanteer. In die sestigerjare byvoorbeeld moes die sekretaresses van die Departement Administrasie op 'n gegewe tyd in die oggend bymekaar kom om die pos te sorteer. Die afhaal en verdere hantering van uitgaande pos is vir jare deur mnr. Aaron Menoe hanteer.[95] Laat in die negentigerjare is die bekwame Jennifer Pheleu benoem as hooftoesighouer oor die PUK-posdienste.




Mnr. Aaron Menoe (*Bron: PUK-Argief)*



*Jennifer Pheleu, hooftoesighouer oor die PUK-posdienste {kyk ook Hoofstuk 4} (Bron: PUK-Argief)*

Met 'n personeelsterkte van sowat 30 moes die VGA teen 1985 'n stewige administratiewe drag hanteer.[96] Die tegnologie is ondertussen ingespan om sake te vergemaklik en die beskikbaarheid van 'n elektroniese telefoonsentrale het kommunikasieprosesse versnel. In 1989 byvoorbeeld was die algehele telefoonrekeningkoste R630 000, terwyl gemiddeld tussen 30 000 en 50 000 inkomende en uitgaande telefoonoproepe maandeliks hanteer is.[97] Kort hierna is



***Van die possorteringspersoneel druk besig (Bron: PUK-Argief)***



***Die PUK-telefoonsentralespan, 1998: v.l.n.r: Mee. S. Wessels, M. de Kock en C. Collins (Bron: PUK-Argief)***

die telefoonsentrale en -personeel na die Departement Elektroniese Dienste oorgeplaas, en die navraetoonbank is na die Departement Openbare Betrekkinge verskuif.[98]

Sowel die telefoon- as die navraetoonbank is vanaf 1996 onder toesig van die Viserektor: Personeel, Studente en Skakeling geplaas. Sodoende is die pliglas van die VGA verlig en kon die kompleks wordende en gespesialiseerde diens wat reeds in daardie stadium gelewer is, meer gefokus word.[99] Dit was ook 'n periode waarin die PU vir CHO besluit het om etlike ondersteuningsdienste uit te kontrakteer eerder as om hulle self te onderhou.[100] Onder meer is dienste soos die PUK-Drukkers[101] op 1 September 1997 deur Xerox S.A. (Edms) Bpk. oorgeneem.[102]

Om die gespesialiseerde diens wat die VGA teen 1999 gelewer het enigsins te waardeer, is die volgende statistiek van hierdie Departement se bedrywighede veelseggend:

- Die skryf van 32 komitees se notules (99 vergaderings)
- Reëlings van amptelike geleenthede (opening van die Universiteit en vier gradeplegtighede)
- Hantering van posaangeleenthede
- Hantering van museum- en argiefsake.[103]




***Mnr. F.J. du Preez, Adjunkregistrateur vanaf 2000 en Hoof van die SVGA (Bron: Frikkie Kotzé {Departement Bemarking en Kommunikasie})***

As uitvloeisel van 'n effektiwiteitsondersoek is die woord "Sentrale" in 2000 by die benaming van die VGA gevoeg om bykomende take, waaronder die organisasie-afdeling, te reflekteer.[104] Veranderinge binne die bestuurstruktuur (onder meer die aanwys van mnr. F.J. (Frans) du Preez as Adjunkregistrateur vanaf Januarie 2000), die aanwys van 'n nuwe rektor, die hantering van 'n institusionele oudit in 2001, en die samesmeltingsproses tussen die PUK en die Universiteit van die Noordweste, het vanaf 2002 bykomstige pligte vir die SVGA meegebring.[105]

### 8.5.2 Biblioteekontwikkeling

Die Potchefstroomse Universiteitsbiblioteek het, soos baie ander geboue op die kampus, veelbesproke ontwikkelingfases deurloop: van die sinkgeboudae, waarvan slegs enkele veterane nog brokkies mag onthou,[106] tot die biblioteek toe dit in die noordelike vleuel van die Hoofgebou gesetel was[107] – en slegs pensioenarisse wat in daardie tyd studente was, sal nog iets van hierdie fase onthou!

In 1946 het Biblioteek van die Universiteit sowat 22 621 boeke bevat en 125 tydskrifte waarop ingeteken is. Op hierdie stadium is die hantering van dié bronne hanteer deur 'n ere-bibliotekaris (prof. G. Dekker) en twee damesklerke (ene me. A.S. Postma en A.S. du Plessis).[108] Daarna is H.C. van Rooy in 1949 as Bibliotekaris aangewys. Sy aanwysing het gevolg na hy 'n jaar studieverlof in die Verenigde State van Amerika aan die Columbia Uni-



*Die vooraansig van die Ferdinand Postma-biblioteek gedurende die vyftigerjare (Bron: Johan du Toit)*

versiteit (New York) as houer van die Carnegie-beurs deurgebring het.[109] Vóór sy aanstelling was Van Rooy "organiseerder" vir die insameling van fondse – kyk Departement Openbare Betrekkinge. Die Biblioteek het teen 1949 sodanig vergroot dat fondse vir die oprigting van 'n ruimer biblioteekgebou gesoek is.[110] Op 23 Februarie dié jaar het 'n kortsluiting in die dak van die Hoofgebou egter na die Biblioteek versprei en die boekeryvoorraad is so te sê vernietig. Dié gebeurtenis is beskryf as 'n krisisjaar vir die Universiteit omdat die beperkte aantal boeke wat tot op daardie datum met sukkelkry bekom is, as baie kosbaar geag is. Ongeveer 30 000 boekdele en 4 000 tydskrifstelle is totaal vernietig.[111] Sowat 12 500 boeke is gered. Van die byna 60 500 boeke wat agterna as skenkings ontvang is, is slegs 25 000 as bruikbaar beskou.[112]

Gaandeweg het die krisisjaar verder in die agtergrond verdwyn en die behoefte aan 'n ruimer en beter toegeruste moderne biblioteekgebou is voorgelê vir bespreking. Opnuut is beplan.[113] 'n Boekbindery is ook in die vooruitsig gestel met mnr. S. Buys as verantwoordelike persoon.[114]


'n Gebou ten bedrae van £40 000 is in 1951 opgerig.[115] Dié gebou het 'n bergruimte vir 100 000 tot 120 000 boekdele in die magasyn gehad, 'n privaat studieruimte vir 160 studente (benewens 'n studiesaal en kleiner studielokale). Nege personeellede wie se kundigheid en vermoëns goed benut is, was hier werksaam.[116] Die aanvulling van die verlore boekevoorraad sou egter nog vir jare duur.[117] By die Senaat en Raad was daar net een naam vir die biblioteek toe die gebou op 29 November 1952 amptelik betrek is, naamlik dié van prof. Ferdinand Postma, baanbreker vir universiteitsontwikkeling en selfstandigwording.[118] Salarisskale vir biblioteekpersoneel is gaandeweg hersien en poste gegradeer. Vir 'n manlike departementshoof is £700 per jaar begroot en, as 'n dame hierdie posisie sou vul, is haar jaarlikse inkomste as £ 575 bepaal.[119]



*Mnr. Malan – 1958;*



*H.C. (Harrie) van Rooy -1960-1970;*



*Prof. A.J. Viljoen 1983;*



*Prof. C.A. Lohann – 1990*

*Personeel van die Departement Biblioteek- en Inligtingstudies (Bron: PUK-Argief)*

## *Die ontstaansgeskiedenis van die Departement Biblioteek- en Inligtingstudies*

Die grootste probleem waarvoor biblioteke in die vyftigerjare te staan gekom het, was die werwing van opgeleide biblioteekpersoneel onder wie se leiding die biblioteekvoorraad en die lewering van 'n effektiewe biblioteekdiens verwesenlik kon word.

Tydens 'n SABV-konferensie in 1953 lewer H.C. van Rooy 'n sterk pleidooi vir die opleiding van bibliotekarisse aan universiteite. Omdat die term "oplei" destyds geassosieer is met die afrigting van kandidate in biblioteekroetines en -tegnieke, het hy gepleit vir 'n klemverskuiwing van "opleiding na opvoeding". Volgens Van Rooy het opvoeding te doen met die beginsels en nie met die besonderhede van die praktyk nie. Opvoeding, in die sin wat H.C. van Rooy dit bedoel het, beoog nie om te probeer om antwoorde op probleme te gee nie, maar om probleme reg te benader, aan te pak en op te los. Biblioteekopvoeding het nie vir Van Rooy die uitskakeling van opleiding in roetines en tegnieke beteken nie. Naas die basiese kennis van biblioteekwerk en -diens moes 'n student ook gevorm word tot 'n wetenskaplik-ingestelde wese met die vermoë en begeerte om self, deur middel van indiensondervinding, verdere kennis op te doen na gelang van die eise van die betrekking wat beklee is. Slegs 'n week na hierdie pleidooi het die Raad van die PU vir CHO op 30 September 1953 aan die Senaat opdrag gegee om die moontlikheid te oorweeg om 'n diploma in biblioteekkunde aan te bied, en om ondersoek in te stel na die erkenning van sodanige diploma deur die SABV. Die Senaat het die opdrag na die Biblioteekkomitee verwys.

Die belangrikste aanbevelings van die Biblioteekkomitee aan die Senaat was dat 'n Departement Biblioteekkunde vanaf 1956 ingestel word; dat 'n laer diplomakursus en 'n nagraadse diplomakursus aangebied word en dat die Universiteitsbibliotekaris die hoof van die Departement sal wees. In 1975 verander die benaming van die kursus na "Laer Diploma in Biblioteekkunde" en tot 1988, toe die kursus weens regeringsdruk gestaak moes word, is 106 diplomas toegeken. Mnr. Malan was vanaf 1958, tot sy uitdienstreding aan die einde van 1961, die Hoof.

Studentegetalle het verwagtinge uit die staanspoor oortref sodat dit in 1960 nodig was om nog 'n lektoraat in Biblioteekkunde in te stel – 'n pos waarin mev. J.C. van Rooy benoem is. 'n Belangrike ontwikkeling in die Departement was die instelling van 'n vierjarige B.A.-graad in Biblioteekkunde in 1961. Die eerste graad is in 1964 aan twee kandidate toegeken en tot 1973 is 80 B.A.Bibl.-grade toegeken. Daar kon ook onmiddellik begin word met nagraadse opleiding toe die eerste kandidate vir die graad Hons.B.A. (Biblioteekkunde) aangemeld het. Die Hons.B.A. (Biblioteekkunde)-graad is van 1962 tot 1975 aan 35 kandidate toegeken, terwyl die Hons.B.Bibl.-graad tussen 1976 tot 2001 aan 60 kandidate toegeken is. Na die vertrek van mnr. Malan het H.C. van Rooy in 1962 weer eens die hoof van die Departement geword. 'n Groot ideaal van Van Rooy is verwesenlik toe 'n spesialiseringskursus in Skoolbiblioteekkunde vanaf 1971 ingestel is met die oog op die opleiding van skoolbibliotekarisse. Prof. Henri (Harrie) van Rooy is in Januarie 1976 deur prof. A.J. Viljoen opgevolg wat tot aan die einde van 1982 hierdie betrekking beklee het. In 1983 is prof. Viljoen as Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte benoem: hy is deur prof. C.A. Lohann opgevolg as Hoof van die Departement. In 1985 is die naam van die Departement verander na die Departement van Biblioteek- en Inligtingkunde: 'n naamsverandering in ooreenstemming met verskeie oorsese instansies waar die benaming na "Department of Information Studies" verander is om tred te hou met nuwe eise wat die biblioteek- en inligtingsberoep gestel het.

(Saamgestel deur **prof. C.J.H. Lessing**, 2002)




***Me. J.C. van Rooy, lektrise in Biblioteekkunde in die sestigerjare (Bron: Ferdinand Postma Biblioteek)***

Meer as 900 geregistreerde leners (788 studente en 103 personeellede) is teen 1954 aangeteken. In hierdie stadium was die boekevoorraad op sowat 83 118 geraam[120] en is die Biblioteek gaandeweg as volwaardige tuiste van inligting gevestig. In verslae oor die ontwikkeling van die Ferdinand Postma-biblioteek is die jaarlikse vooruitgang daarvan merkwaardig. Aanvanklik was boeke en tydskrifte die enigste groeiende inligtingsbronne waaroor verslag gedoen is.

Teen 1955 is ook verslag gedoen van 'n voorraad mikrofilms en grammofoonplate. Verder is aangeteken dat die gebruikerstal verder toegeneem het.[121] Van 'n nuwigheid – die gebruikmaking van interbiblioteeklenings – is ook in vorderingsverslae melding gemaak.[122] Voorts het 'n komitee, genaamd die Kommissie van Advies in verband met die Biblioteek gefunksioneer om skakeling tussen die Biblioteek en die behoeftes van akademiese personeel binne die onderskeie dissiplines vaartbelyn te hou. Prof. T.G. Dekker was die eerste Voorsitter van hierdie Kommissie.[123]

Teen die einde van die eerste herdenkingsfeesjaar het die Biblioteek sowat 105 867 boeke in voorraad gehad. Skenkings het steeds ingestroom, terwyl die gebruikersgetal – vreemd genoeg – afgeneem het.[124] 'n Behoefte aan opgeleide personeel het in hierdie stadium daartoe bygedra dat die Universiteitsraad goedkeuring verleen het aan die instelling van twee tweejaardiplomakursusse in Biblioteekkunde. Hiermee kon die Laer Universiteitsdiploma en die nagraadse Universiteitsdiploma in Biblioteekkunde (UDB) verwerf word.[125] Vyf jaar later is 'n derde studierigting ingestel, naamlik die Baccalaureus Artium in Biblioteekkunde wat oor vier jaar sou strek.[126]

Die goedkeuring en die inwerkingstelling van bykomende kursusse laat in die vyftiger- en vroeg in die sestigerjare het waarskynlik daartoe bygedra dat die gebruik van die Universiteitsbiblioteek toegeneem het. In 1958 het die getal gebruikers van die Biblioteek 1 017 getel.[127] Sodanig was die groei van biblioteekgebruikers dat die toe bestaande biblioteekure in 1961 van 48 uur




*Prof. G. (Gerrit) Dekker, 1960*
*(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

per week na 62 uur verleng is. Noodsaaklike uitbreiding aan die gebou is ook in hierdie stadium afgehandel.

'n Takbiblioteek vir die Departement Musiek is vanaf 1962 in die vooruitsig gestel en die Teologiese Skool se boekery is sedert hierdie tyd deur die Universiteitsbiblioteek geadministreer.[128] Terselfdertyd is H.C. (Henri) van Rooy tot professor bevorder en aangewys as Hoof van die Departement Biblioteekkunde (In die wandelgange was prof. Henri van Rooy meer bekend as Harrie van Rooy).[129] Vanaf vroeg gedurende die sewentigerjare is prof. Van Rooy benoem as die Direkteur: Biblioteekwese. Albei hierdie poste het hy tot 1975 nog beklee, waarna hy as Registrateur benoem is.[130]

In die Bingle-rektorstermyn was die Universiteit besig om uit sy nate te bars. Meer studente, geboue en




*Die takbiblioteek van die Departement Musiek*
*(Bron: PUK-Argief)*


studiegeleenthede het opnuut die drakrag van die Biblioteek uitgedaag. Die magasynruimte oor die algemeen, asook die studievertrekke, studiemateriaal en so meer, was laat in die sestigerjare as ontoereikend beskou.[131]

'n Herkatalogisering van boeke is vanaf die middel van die sestigerjare onderneem.[132] Besondere klem is deur prof. Van Rooy gelê op samewerking tussen biblioteke deur die deel van bronne en vermoëns, asook deur die uitbou van die biblioteekberoep. Op die Interuniversitêre Biblioteekkomitee en die Komitee vir Universiteitshoofde het prof. Van Rooy, en sy opvolger Casper Lessing, prominente bydraes gelewer om samewerking tussen biblioteke aan te moedig.[133] Ondertussen moes die probleem dat daar 'n gebrek aan ruimte was, met mening aangepak word. Met die oog op die beplanning van die Universiteit se toekoms is die Kommissie van Advies in 1968 deur die Universiteit se Sentrale Opname-komitee benoem. Die Kommissie moes 'n opname van die Biblioteek se geskiktheidstatus maak sodat die verdere ontwikkeling van die Ferdinand Postma-biblioteek daaruit kon voortkom[134] – iets wat inderdaad gebeur het.

'n Omvattende aanbouingsprogram is vanaf 1971 onderneem.[135] Die nuwe aanbouingsprogram wat tot 1974 geduur het, het die volgende ingehou: 'n lokaal vir die kunsversameling van die Universiteit, 'n oop balkon aan die oostekant om te ontspan "tydens pouses", 'n addisionele leessaal, 'n verdere lokaal vir ontspanning op die grondverdieping, kantore en ruimtes vir die tydskrifafdeling op die tweede verdieping. Voorsiening is ook gemaak vir 'n kelder waar afrolwerk gedoen kon word en 'n boekbindery moes funksioneer.[136] Senator Jan de Klerk het op 26 April 1974 op 'n feestelike wyse 'n heildronk op die nuwe biblioteekgebou ingestel en daarna verwys as "die paleis van die Universiteit".[137]



*Prof. C.J.H. (Casper) Lessing, 1991*
*(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*



*Die Biblioteek word vergroot, 1972 (Bron: PUK-Argief)*



*Die interieur van die Biblioteek, 1974*
*(Bron: PUK-Argief {foto geskenk deur mnr. Richard Ingram})*

Om 'n "paleis" van inligting vir akademiese ontwikkeling en vooruitgang te wees was ook die ideaal van die biblioteekpersoneel. Tydens prof. Van Rooy se hoofskap van die Biblioteek is byvoorbeeld in die ontwikkeling en uitbouing van die biblioteekvoorraad besonder klem gelê op die verkryging van bibliografiese hulpbronne (tydskrifindekse, ekserptydskrifte en bibliografieë). Hiermee is gepoog om te verseker dat gebruikers toegang het tot die beste inligting oor beskikbare wetenskaplike bronne, ongeag of dit plaaslik beskikbaar is of nie. Met hierdie benaderingswyse is besondere aandag gegee aan die ontwikkeling van 'n afdeling vir interbiblioteeklenings (IBL). Wat IBL betref, het die Ferdinand Postma-biblioteek lank 'n prominente rol in die Suid-Afrikaanse akademiese biblioteekmilieu gespeel.[138] Die Biblioteek is gedurende prof. Van Rooy se bestuurstermyn veral beskou as geskik vir nagraadse studente, maar die behoefte aan 'n biblioteek wat tot 'n meerdere mate toegerus is[139] vir voorgraadse studiedoeleindes, het steeds bestaan. Met die aanvang van die Van der Walt-rektorstermyn het die Hoofbiblioteek asook die Teologiese biblioteek, die Musiekkonservatoriumbiblioteek en verwante takbiblioteke al sodanig uitgebrei dat ongeveer 227 763 boeke/werke gedurende dié jaar uitgeneem en/of geraadpleeg is. Sowat 6 099 boeke is deur interbiblioteekdienste na bestemmings elders uitgestuur.[140]



*Die ou katalogusstelsel van die Biblioteek (Bron: PUK-Argief)*

Prof. Van Rooy se opvolger, mnr. C.J.H. Lessing is aan die begin van 1976 as Universiteitsbibliotekaris aangestel[141] (Lessing was reeds vanaf 1957 benoem, en was vanaf 1 Januarie 1962 Hoof van die Departement Aanskaffing en Vervolgpublikasies).[142] Die posbenaming Universiteitsbibliotekaris is in die tagtigerjare gewysig na Direkteur: Biblioteekdienste.[143] Afgesien van velerlei aspekte waarin Lessing tydens sy lang dienstydperk in die Ferdinand Postma-biblioteek 'n leidende en vernuwende rol gespeel het, sal hy veral onthou word vir die ywer en sukses waarmee hy die Biblioteek se elektroniese inligtingverskaffingstelsels sedert veral die tagtigerjare uitgebrei het. Dit was in 'n tyd toe baie ander akademiese biblioteke die potensiaal daarvan maar eers algaande begin verken het. Die gebruik van CD-Rom-databasisse onder die leiding van prof. Lessing[144] het sodanig toegeneem dat die Ferdinand Postma-biblioteek in 'n stadium een van die grootste CD-Rom-aandrywersnetwerke ter wêreld gehuisves het. Soos wat die tegnologie ontwikkel het, het die klem verskuif na databasisse wat intyds via die internet toeganklik was.[145]


Tog, ten spyte van 'n gereelde jaarlikse aanvulling van boekemateriaal en tydskrifte sedertdien tot in die tagtigerjare, is teen 1988 opgemerk dat 'n groot agterstand ontstaan het in die uitbouing van die Biblioteek se versameling inligtingsmateriaal. Die reservering van dosente se persoonlike boekemateriaal wat vir studentegebruik bedoel was, sowel as 'n groei in interbiblioteeklenings, het 'n jaarlikse tendens geword. 'n Vername rede hiervoor blyk te wees dat die boeketoelaag wat ontvang is, nie met die styging van boekpryse en die rand se swak wisselkoers rekening gehou het nie.[146] So byvoorbeeld is bereken dat die PUK in 1984 sowat R64,17 vir 'n boek betaal het teenoor 'n R159,91 in 1988 en R164,80 in 1990. Net so die stand van tydskrifaankope wat van 'n gemiddelde jaarlikse intekeningsbedrag van R347,50 in 1989 gestyg het tot R402,80

in 1990. Gevolglik is toenemend gefokus op die uitbreiding van die Biblioteek se gerekenariseerde databasisse om te verseker dat die nuutste tegnologie beskikbaar gestel word vir studente, akademici en navorsers.[147]

Behoorliker toegangsbeheer is vanaf 1988 ingestel,[148] en in 1989 is begin om alle nuwe aanwinste rekenaarmatig op die databasis in te sleutel. Ook is die kaartkatalogus na 'n masjienleesbare vorm omgeskakel om 'n meer effektiewe gebruik van alle versamelings van die Biblioteek te verseker. Daarmee is gehoop om in pas te bly met die hoogs professionele diens wat ander biblioteke gelewer het. Hierdie omskakeling het saamgeval met 'n laer gebruikerspatroon van die Biblioteekfasiliteite[149] – 'n waarneembare tendens wat in wese hoofsaaklik te wyte was aan die algemene daling van geregistreerde studente aan die PU vir CHO. Dit is moontlik dat die instelling van toegangsbeheer by die Biblioteek[150] ook die aantal gebruikers geaffekteer het. Met die ingang van die negentigerjare was die dalende aantal biblioteekgebruikers van die vorige jaar iets van die verlede. Met 44 databasisse wat in die loop van die tagtigerjare aangekoop is tot die Biblioteek se beskikking, is navorsers en studente so wyd moontlik geakkommodeer. Wat wel kommerwekkend was, was die toename van 16,2% in interbiblioteeklenings, wat daarop gedui het dat die Universiteit toenemend (tot 2002 nog as netto-gebruiker) van ander biblioteke vir aangevraagde literatuur gebruik moes maak.[151] Hierdie tendens – onder meer as 'n gevolg van vertegnologisering – het voorgekom onderwyl die werkslas toegeneem het en die personeelkorps gekrimp het van 129 tot 103.

So byvoorbeeld het die CD-Marc Bibliographic- en ander handelsdatabasisse grootliks daartoe bygedra dat 33% meer van die normale bibliografiese kontrole teen 1992 met minder personeel afgehandel kon word. Daarby het die implementering van CD-ROM-databasisse en die toevoeging van die Re-pertorium vir Tydskrifartikels tot die databronne op die INMAGIC-stelsel, 'n groei van 45% in gebruik tot gevolg gehad.[152] Teen 1994 is 'n fenomenale groeisyfer van 400% teenoor die gebruik van hierdie tipe inligting gedurende 1992 waargeneem.[153] Hierdie stelsel se veeldoelige funksie om 'n hele aantal inligtingsdatabasisse te skep en te ontgin, is beskou as een van die grootste suksesse in die geskiedenis van die Biblioteek se rekenariseringsproses.[154]

Rekenarisering het ook in die proses die druk verlig om buitelandse inligtingsbasisse in die vorm van hardekopie te bekom. So byvoorbeeld was die waarde van die dalende rand teenoor die pond en dollar tot in die middel van die negentigerjare 'n nadelige faktor as dit gekom het by internasionale boekaankope.[155] Boekaankope het byvoorbeeld vanaf 1991 konstant gedaal: van 5 632 boeke in 1991 tot 2 501 in 1996. Die verswakte rand[156] sowel as 'n stygende tendens in drukkoste[157] was sommige van die vernaamste oorsake hiervan. As gevolg van




*Die amptelike ingebruikneming van die elektroniese indeksstelsel, Data Trek, in die Ferdinand Postma-biblioteek, April 1993: v.l.n.r. Prof. C.J.H. Lessing, mnr. F.W. de Klerk (Kanselier), mnr. Tom Larney*


die randwaarde is die gereelde en effektiewe opgradering van mikrorekenaars om in pas te bly met die tegnologiese eise van die tyd, ook as problematies beskou.[158]

Fotokopiëring weer was een van die mees gebruikte dienste tot in die negentigerjare nog.[159] Gegewens uit tydskrifte – inderdaad waardevolle inligtingsbronne – is toenemend gefotokopieer. In 1991 is byvoorbeeld 50 000 fotokopieë gemaak, in 1994 sowat 75 000[160] en in 1995 het die aantal fotokopieë wat gemaak is, vermeerder tot 81 999. Teen die middel van die negentigerjare was daar steeds besorgdheid oor die koste van aankope as gevolg van die styging van tydskrifpryse.[161]

'n Besondere tegnologiese mylpaal was toe die tradisionele uitleenwyse van boekpublikasies in 1995 gestaak is, en volledig oorgeskakel is na die Uitleenstelsel (ULS) van Data Trek.[162] Die tradisionele funksie van die Biblioteek was vinnig besig om te verander. Die voortdurende vergroting van nuwe behoeftes sowel as die toenemende klem op afstandsonderrig was nuwe eise wat aan die Biblioteek gestel is.[163]

Om die probleem van byvoorbeeld boekaankoopduplisering te verminder in 'n tyd toe die rand se waarde verswak het, het biblioteke van die Gauteng- en omliggende provinsies 'n konsortium begin, genaamd die Gauteng and Environs Library Consortium (GAELIC). Hierdie konsortium het beoog om menslike hulpbronne gesamentlik te ontwikkel. Gelyklopend hiermee is die Ariel-stelsel ontwikkel waardeur kopieë van artikels van ander biblioteke verkry is[164] vir gebruik deur nagraadse studente en ook dosente. Met die duursame Innopac-rekenaarstelsel, aangekoop met fondse van die Mellon Foundation, is die kernfunksies van die Biblioteek vanaf 1999 meer professioneel bedryf.[165] Feitlik gelyktydig hiermee was die beskikbaarstelling van die Biblioteek se databasis via internet en die World Wide Web-ruimte (WWW) vanaf 1998. Nog in dieselfde jaar het 'n eksterne effektiwiteitsondersoek van die Biblioteek gelei tot verdere personeelvermindering en die herstrukturering van die Biblioteek in vyf afdelings.[166] Daarmee het saamgeval die aftrede van sowel die Direkteur (prof. C.J.H. Lessing) en die Adjunkdirekteur (mnr. P.E. Buys) van die Ferdinand Postma-biblioteek. Mnr. P.E. Buys het gedurende 1999 tydelik as Direkteur waargeneem,[167] waarna mnr. Tom Larney in 2000 as Direkteur benoem is.[168]





*Studentebedrywigheid in die Ferdinand Postma-biblioteek, 2003 (Bron: PUK-Argief)*

Met die Potchefstroomse Universiteitskollege (POK) as nuutste toevoeging tot die PUK-ontwikkeling, moes 'n moontlike integrasie van albei biblioteke ondersoek word. Ondertussen het die Biblioteek se benutting van Ebsco Online, die OCLC se Base Package via Sabinet gevolg.[169] Rekenaarbesoeke aan die Ferdinand Postma-biblioteek se elektroniese inligtingsbronne het gedurende 2000 op 600 000 gestaan. Dit kon ook nie anders nie – veral as die beskikbaarheid van elektroniese inligtingsdatabasisse wat soveel verskeidenheid bied, in gedagte gehou word. Naas die reeds vermelde pakkette kon die PUK ook gedurende 2000 en 2001 die Ebscohost-databasis gratis saam met ander universiteite benut. Dit was 'n geleentheid wat moontlik gemaak is deur die Sorros Stigtingsprojek van die Ministerie van Onderwys. Sowat 17 elektroniese tydskrifte is ook in hierdie stadium gratis aan gebruikers beskikbaar ge-stel, terwyl vir 'n bykomende 14 betaal is. Om hierdie tipe diens nog verder aan te vul, is die verkryging van toegang na elektroniese boeke ook teen die begin van die nuwe millennium ondersoek. Direkte toegang tot volteks-tydskrifartikels en toegang tot sodanige databasisse deur uitsluitlik die internet, eerder as deur middel van CD-ROM, was hoog op die prioriteitslys.[170]

Kort na die aanvang van die nuwe eeu is ook groter klem gelê op regstellende-aksie-aanstellings sowel as op die opleiding van biblioteekgebruikers in die gebruik van die internet- en gesofistikeerde elektroniese inligtingsbronne. Om behoeftes ten opsigte van laasgenoemde te bepaal is gereelde gesprekke met die dekane en direkteure van skole en fokusareas gehou. 'n Herstrukturering van ruimtes het in

2001 ter sprake gekom toe die rekenaarlokale uitgebrei is en 'n fotokopiëringslokaal onder meer ingerig is.[171]

Om die Biblioteek na buite te bemark, met toespitsing op die verskillende fokusareas en skole, is begin met die ontwikkeling van webbladsye,[172] en die lewer van 'n virtuele diens aan die groeiende getal afstandstudente.[173] Sowat 23 104 inligtingsnavrae van 2 820 studente is hanteer om opleiding ten opsigte van inligtingsgeletterdheid te ontvang en aandag aan elektroniese reservering te gee. Anders as in vorige jare was die Ferdinand Postma-biblioteek vir die eerste keer 'n netto-uitlener van IBL-boeke en nie 'n netto-lener nie. Die groter effek van toegang tot elektroniese bronne, sowel as die geleidelike verbetering in die boekevoorraad was bepalende faktore vir hierdie positiewe ommeswaai.[174]

Die Ferdinand Postma-biblioteek, soos teen Desember 2003, het tegnologies besonder goed daar uitgesien. Vanweë buitengewone kundigheid sedert 1951 was die Biblioteek altyd aan die voorpunt van biblioteekontwikkeling in Suid-Afrika. Op verskillende wyses het personeel en hoofde van die Biblioteek belangrike rolle vervul in die werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging, die SABV (en die opvolger daarvan, die Suid-Afrikaanse Instituut vir Biblioteek- en Inligtingwese oftewel SAIBI). Sowel proff. Van Rooy as Albert Viljoen was by tye president van hierdie liggame, terwyl Lessing van 1962 tot 1980 eresekretaris van die SABV was.

## 8.6 Ander ondersteuningsdienste


Bo en behalwe die vermelde akademiese, administratiewe en finansiële ondersteuningsfasette van die Universiteit soos reeds bespreek is, sluit ander ondersteuningsdienste wat oorhoofs deur die Viserektor: Akademies en Studente bestuur is ook die Buro vir Akademiese Steundienste (BAS) en Studentedienste in. Die rol van BAS is in Hoofstuk 4 ter sprake en Studentedienste is in Hoofstuk 7 aangeraak. Ander administratiewe en ondersteuningskomponente is deur die Viserektor: Finansies en Bedryf hanteer met die Registrateur: Finansies as die verantwoordelike toesighouer.

Met die aanstelling van 'n viserektor vir die portefeulje Personeel, Studente en Eksterne Skakeling in 1997 het die Departement Openbare Betrekkinge as onontbeerlike ondersteuningsdiens onder meer by hierdie portefeulje ingeskakel na etlike jare van leiding deur die rektor en registrateur. Laasgenoemde was ook oorhoofs verantwoordelik vir die Universiteitsmuseum en -argief. Albei hierdie ondersteuningsdienste word vervolgens toegelig.

## 8.7 Museum- en argiefontwikkeling

### 8.7.1 PU-Kanamuseum[175]

Die ywer en belangstelling van prof. Hendrik van der Wateren van die destydse Volkekunde-departement aan die PUK het op 18 Augustus 1977 gelei tot die eerste formele versoek aan die Universiteitsowerheid om 'n Universiteitsmuseum op te rig.[176] 'n Museumkomitee is weldra gevestig waarna hulle funksie vanaf 1981 uitgebrei is om ook die werksaamhede van die PUK-Argief in te sluit.[177] Vir sowat sewe jaar is museumitems versamel, waarna die PU-Kanamuseum sy deure amptelik op 26 Mei 1989 kon open met genoeg om uit te stal, en as 't ware op 'n beskeie manier as spieël van die PUK na buite te dien. Na die aftrede van prof. Van der Wateren is die Beheerkomitee vir die Argief en Museum in 1994 onder die toesig van die adjunkregistrateur geplaas[178] waarna die museum vanaf 2003 by die werksaamhede van die PUK-Argief geïnkorporeer is toe me. Lucia van der Walt afgetree het. Daarop is die sierlike gewelhuis in Joostestraat, waarin die PU-Kanamuseum gehuisves was, ontruim en omskep in 'n personeelklubhuis wat in 2003 in gebruik geneem is.[179]



*Prof. Hendrik van der Wateren,1977*
*(Bron: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*



*Me. Lucia van der Walt, verbonde aan die PU-Kanamuseum tot einde 2002, hier by die res van die PUK-Argiefkomitee (Bron: A. Kellner)*

## 8.7.2 PUK-Argief

Eers meer as 100 jaar later, sedert die PUK se eerste tree in 1869, is 'n kommissie in Junie 1982 deur die PUK-Bestuurskomitee benoem wat oor die nodigheid en toekoms van 'n argief vir die omvattende PUK-Africana moes besin.[180] Aanbevelings ten gunste van die vestiging van 'n PUK-Argief is in 1983 deur die Kommissie insake Argief-aktiwiteite aan die Bestuurskomitee voorgelê. In hierdie stadium was daar reeds twee tema-gerigte "argiewe" in die Ferdinand Postma-biblioteek gevestig, naamlik die Wes-Transvaalse Argief en die Ossewa Brandwag-argief wat tot 2001 nog onder die beheer van die Direkteur: Biblioteekdienste gestaan het. Die goedkeuring van die aanbevelings het vir feitlik 'n dekade gesloer. Op 27 Julie 1993 is die konsolidasie van die Beheerkomitee PUK-Argief en die Beheerkomitee PU-Kanamuseum goedgekeur op grond van die aansporing van prof. Piet van der Schyff. Hy is dan ook as die eerste, deeltydse, Universiteitsargivaris benoem en die argief is in die L.J. du Plessis-gebou gevestig. Me. Annette Kellner het prof. Van der Schyff in 2001 as eerste voltydse Argivaris opgevolg. Sedertdien is die PUK-Argief uitgebrei om ook die OB-Argief en -museum sowel as die argief vir Wes-Transvaalse Geskiedenis te bestuur. Verdere verpligtinge wat opgelê is, was die versorging van die OB-ere-akker te Centurion Pretoria, wat voorheen deur die Direkteur: Tegniese Dienste hanteer is, sowel as die museumuitstalling van die Burgersdorpse Teologiese Skool,[181] en die algemene versorging van die gebouestruktuur.

Met soveel meer verpligtinge en dokumentasie om te bestuur, sowel as die gereelde invloei van dokumentasie vanaf verskeie PUK-departemente wat effektief hanteer en geberg moes word, is die vraag na lokale opnuut ondersoek. In 2001 het die Direkteur: Biblioteekdienste van die



*Die ingang van OB-Argief (Bron: PUK-Argief)*



*Me. A.C. Kelner, eerste voltydse Hoof van die PUK-Argief en Museum vanaf Maart 2001 (Bron: PUK-Argief)*

Ferdinand Postma-biblioteek, Tom Larney, aangebied dat 'n gedeelte van die Biblioteek se kelderruimte (met 65 bestaande kompakte rakke) en die onbenutte kantore en klasruimtes van die ou biblioteek en van die Departement Biblioteek- en Inligtingstudies aan die vestiging van 'n behoorlike PUK-Argief afgestaan kon word. Die Registrateur, prof. C.F.C. van der Walt, het die BK oortuig om R1,3 miljoen te bestee aan hierdie onbenutte lokale om die argief en museum te hervestig. Vir die eerste keer sedert die bestaan van die PUK-Argief is fasiliteite geskep om alle bewaar- en uitstalfunksies ten volle te akkommodeer.[182]


## 8.8 Skakeling

### 8.8.1 Departement Bemarking en Kommunikasie (voorheen Departement Openbare Betrekkinge)

Nog lank voordat Openbare Betrekkinge amptelik in 1965 as departement[183] gevestig is, het die PUK van tyd tot tyd bydraes vir die "Kollege" van buite-instansies/-persone ontvang. In 1946 is opgeteken dat die familie Hoogenboezem van Johannesburg £500 bygedra het, gevolg deur ander instansies wat elk 'n £100 bewillig het.[184] Dit kan aanvaar word dat die rektor en raadslede as fondswerwers 'n prominente rol gespeel het. Bronne verwys ook na 'n "organiseerder", mnr. H.C. van Rooy, wat 'n aantal dorpe en boeregemeenskappe besoek het met die oog op die insameling van bydraes vir die boufonds.

Van Rooy het die pos as fondswerwer vanaf 1941 tot 1948 beklee waarna 'n ander nagraadse student, mnr. G.P. Schoeman, benoem is.[185] Daarna is in verslae gereeld verwys na die Uitbreidingskomitee, bestaande uit drie lede, en die Uitbreidingsfonds waaraan gewerk is. In 1949 was die mikpunt om minstens 2 000 persone/instansies te vind wat bereid sou wees om 'n £100 of meer tot hierdie fonds by te dra.[186] In hierdie stadium is etlike bouprojekte aangepak, naamlik 'n paar koshuise, die Liggaamlike Opvoedkunde-gebou (oftewel die Johannes van der Walt-instituut), die Musiekkonservatorium en laboratoriums.[187] Gedurende die jaar van die PUK se selfstandigwording was mnr. C.J.H. Schutte die sameroeper van die Uitbreidingsfonds van die Universiteit met prof. D.C.S. du Preez en mnr. G.P. Schoeman as lede van die Uitbreidingsfondskomitee.[188] Ander verantwoordelike persone vir die gewigtige fondswerwingstaak was die rektor, die registrateur, die dekaan van die Fakulteit Teologie, die hoof van die biblioteek, die sameroeper en die uitbreidingsamptenaar.[189]

Die Registrateur, S. du Toit, is reeds voor die selfstandigwording van die PU vir CHO, vanaf 1 Augustus 1950, vir twee jaar afgesonder om deur die land te reis en fondse vir die universiteit-in-wording in te samel. Die proses was waarskynlik veel meer uitputtend en omslagtig as 55 jaar later. Daarbenewens was die droogtetoestand teen Februarie 1952 in Suid-Afrika al so erg dat besluit is om die fondsinsamelingspogings eerder op die langebaan te skuif.[190] Soos blyk uit die totaal van die fondse wat jaarliks bekom is, en die hoeveelheid boeke wat deur 'n verskeidenheid instansies geskenk is, is die moeitevolle insette soos dié van die Registrateur, Du Toit, wel beloon. Die besondere lojaliteit wat sommige landsburgers teenoor die beginsels (missie en visie) van die PUK het, het waarskynlik ook as motivering gedien vir die ge-



*Mnr. G.P. Schoeman, prof. D.C.S. du Preez, mnr. (later prof.) D.J. Eloff (Bron: PUK-Argief)*



*Die Teologiese Skool wat T.S.U.-dae gehou het ter bemarking van die Skool*
*(Bron:* PU-Kaner, Skakelblad, *2(84)p11 {foto deur die Herald})*

reelde sukses van fondsinsamelings ten spyte van omstandighede.[191] 'n Bedrag van sowat £23 800 is in 1951-1952 vir die Uitbreidingsfonds ingesamel.[192] Die inwoners van Potchefstroom self het ook die fonds indirek ondersteun deur die bioskoopvertonings wat somtyds vir dié doel in die Grand Teater (teenoor die OK en naby Nedbank in Kerkstraat, Potchefstroom), gehou is, by te woon.[193]

Vanaf 1954 is mnr. D.J. Eloff deur die Raad as Uitbreidingsamptenaar benoem.[194] Met die gewerfde buitefondse is die Universiteit se uitleg en aansig geleidelik verander om aan te pas by die vereistes wat nodig is om 'n tersiêre inrigting te wees. Buitefondse om strukturele veranderinge en ander tersaaklike aanpassings moontlik te maak, is jaarliks beskikbaar gestel deur veral welwillende individue, personeel, gemeentes, instansies en stadsrade. Gedurende 1954 is £25 079 vir uitbreiding ingesamel.[195] Etlike uitbreidingsaksies is ontwikkel om die beeld van die Universiteit te bevorder. In 1957 is 'n rolprent onder meer vervaardig vir gebruik by saamtrekke wat aangebied is by Teologiese Skool Universiteit (T.S.U.)-dae. By sulke geleenthede was professore van die Fakulteit Teologie betrokke om preke waar te neem, die geleentheid te benut om die Teologiese Skool bekend te stel asook om fondse in te samel. So ook was die bydraes van Gereformeerde Susters-organisasies (GSO's) vir hierdie doel verwelkom.[196] Die behoefte aan bykomende fakulteite en fasiliteite is sterk gepropageer. So is onder meer vanaf 1958 voortdurend voorbrand gemaak vir 'n landboufakulteit.[197] Die rektor moes die voorlegging van die PU vir CHO vir die moontlike stigting van 'n ingenieursfakulteit of 'n instituut vir tegnologie[198] en die behoefte aan die stigting van 'n "Fakulteit van Medisyne"[199] ook voor die Kommissie van Ondersoek motiveer. Gedurende die rektorstermyn van prof. Coetzee was al hierdie pogings onsuksesvol. Om verdere uitbreiding aan te moedig, is 12 morg (10,2 ha) grond aangrensend aan De Oude Molen-terrein aangekoop om sportvelde daar aan te lê.[200] Die Universiteit het vanaf 1963 'n laer subsidie ontvang tot tyd en wyl 'n nuwe subsidieformule, soos aanbeveel deur die A.C. Cilliers-kommissie, vanaf 1965 sou geld. Hierdie veranderde subsidieformule het ook staatsteun vir die ontwikkeling van nuwe departemente en fakulteite gekortwiek.[201] Vanaf 1964 het die Universiteit dus gepoog om bestaande volwaardige departemente in fakulteite te omskep. Die Departement Regte se toekomstige status as fakulteit is byvoorbeeld ook ondersoek.[202]

Ondertussen is 'n oudskoolhoof, dr. J.F. O'Grady[203] in 1962 aangestel as Uitbreidingsbeampte, maar hierdie titel is kort na sy aanstelling na dié van Skakelbeampte verander.[204] Gedurende sy eerste jaar is die nodige voorbereidings getref om 'n intensiewe fondsinsamelingsveldtog te begin en reklame vir die PU vir CHO verder te professionaliseer. Hy het hierdie taak tot Desember 1968 vervul waarna mnr. H.M. Robinson die pos van



*Dr. J.F. O'Grady*



*Mnr. H.M. Robinson*



*Ds. D.N. Kotzé*
*(Bron van al bogenoemde: PUK-Argief {Piet Fotokuns-versameling})*

Direkteur van Ontwikkeling gevul het.[205] Die taak van fondinsameling is ook verder bevorder deur sommige van die Raadslede wat van tyd tot tyd uitreik-aksies onderneem het. So het die Raadsvoorsitter, ds. D.N. Kotzé, tussen Junie 1961 en Mei 1962 'n uitgebreide toer deur die land onderneem en R11 202.00 ingesamel.[206]

Kort na die benoeming van prof. Hennie Bingle as Rektor is die naam van die Uitbreidingsdepartement in 1965 verander na die Departement Ontwikkeling. Hierdie naamsverandering was grotendeels as gevolg prof. Bingle en ander amptenare se besoeke aan tersaaklike instansies in die buiteland om meer te wete te kom van die wyse waarop hulle fondse insamel en bemarking onderneem.[207] 'n Behoorlike departementele bestuurstruktuur met 'n direkteur is ook gevestig met 'n aantal dui-delike doelstellings en metodes waarvolgens bemarking, reklame en fondsinsameling onderneem moes word.[208] Brosjures, inligtingstukke, saamtrekke, skoue/tentoonstellings en besoeke aan skole was toe al deel van hierdie Departement se jaarlikse bedrywigheid. Reklame en publikasies is steeds met die nodige kundigheid en entoesiasme aangepak.[209] Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (SAUK – tans SABC) is genader as moontlike indirekte skakelingsmiddel om die PUK te bemark[210] – 'n skakelingsmoontlikheid wat mettertyd 'n permanente verbintenis gevestig het. Die name van die Adjunkdirekteur vir Ontwikkeling belas met oudstudente en studentewerwing, C.J. Reinecke sr.,[211] en die Ontwikkelingsbeampte, J.H. Kruger, staan in hierdie opsig ook uit. In 1967 byvoorbeeld het hierdie twee personeellede 101 hoërskole besoek.

Daar is toenemend gefokus op die behoefte om oudstudente by die Universiteit se sport- en kultuurbedrywighede te betrek. 'n Afdeling vir oudstudente binne die Departement van Ontwikkeling het reeds in 1965 'n werklikheid



*Mnr. C.J. Reinecke (sr.)* ***(Bron: PUK-Argief)***


geword.[212] Hierdie afdeling het in 1967 daarin geslaag om skakeling met 5 600 oudstudente af te handel. 'n Ander belangrike verandering was die rektor se besluit om af te sien van die jarelange gebruik om personeelfondse (maandelikse aftrekkings vir die bouprogram) aan te wend om die Universiteit se ontwikkeling in stand te hou.[213] Sekerlik die grootste enkele reklame-onderneming van die Departement was die fondsinsameling wat in 1967 deur die Departement Ontwikkeling aangepak is met die aanbieding van die première van die rolprent "Romeo and Juliet" – 'n geleentheid wat deur oudstudente en vriende van die Universiteit onder leiding van mnr. Reinecke sr. gereël is. Sowat R20 000 is hiermee geïn.[214] Hierna is bestaande studente-aktiwiteite vir werwingsdoeleindes ingespan, waaronder die optredes van die Alabama-toergeselskap.[215]

Teen 1969 is deeltydse werwingsposte geskep om die plattelandse werwingslas van diegene wat daarvoor verantwoordelik was, effens te verlig.[216] In Januarie 1975 is 'n nuwe diensstaat vir die Departement Ontwikkeling goedgekeur. In hierdie stadium het mnr. C.J. Reinecke (sr.) uit diens getree. Ses poste vir skakelbeamptes het reeds bestaan, wat onder andere gevul is deur W.C. Windell, J.P. Aucamp, A.J. van der Walt,[217] M.J. Bekker, J.I. de Jager (deeltyds) en H.A. Labuschagne. Skakeling tussen skole en die tersiêre onderwyssektor was vir baie jare steeds die vernaamste werksverpligting van hierdie beamptes. Konferensies en simposiums, gemik op die onderwys, is gereeld bygewoon en ook op 'n gereelde basis aangebied.

Reklame en inligting is veral deur skooljaarblaaie bevorder, terwyl ander publikasies soos prospektusse uitgegee is oor na-uurse studiegeriewe aan albei kampusse. In 1976 is 'n nuwe dokumentêre film oor die opleiding van onderwysers aan die PU vir CHO vervaardig. Mevrou Titia Ballot was verantwoordelik vir die titelkaarte van die film en mnr. W.C (Chris) Windell vir die teks. Prof. Theuns Botha, Hoof van die destydse Departement Spraakleer en Drama, het die teks gelees. 'n Latere bekende in musiekkringe, Johan van Rensburg, het die musiek versorg. 'n Oudstudent, Faan van Tonder, het die fotografie en redigering gedoen met H.A. Labuschagne wat verantwoordelik was vir die organisasie daarvan. Die film is op 23 Maart 1976 in Pretoria vrygestel voor hooggeplaastes vanuit die onderwysministerie en die administrateur van die destydse Transvaal.[218]

Om die destydse Vanderbijlparkkampus (ook bekend as die Vaalriviertak van die PU vir CHO) met skakelwerk by te staan, is mnr. Chris Windell in Januarie 1977 daarheen verplaas. Dit was die begin van die vestiging van 'n skakeldepartement op die kampus te Vanderbijlpark. M.G. Gibbs het die plek van Windell op die PUK volgestaan.[219]


'n Suksesvolle "Aksie PUK-miljoen" is ook gedurende 1977 van stapel gestuur op versoek van die nuwe Rektor, prof. Tjaart van der Walt.[220] Dit was 'n ambisieuse




*Mnr. J.H. Kruger*



*Mnr. M.G. Gibbs*



*Mnr. Chris Windell* ***(Bron van al bogenoemde: PUK-Argief)***



***Mnr. Willie Louw*** **(*Bron: PUK-Argief*)**


doelwit wat deur die Rektor gestel is – 'n mikpunt wat met die Rektor se aanvanklike versoek daarvoor nie al die bemarkingsbeamptes ewe opgewonde gehad het nie.[221] Met die loodsing was die doelwit vir die projek minstens R500 000 kontant per jaar. Die teikenareas was die PUK-Raad, -personeel, oudstudente en die korporatiewe sektor. Hierdie Aksie is vir drie jaar suksesvol volgehou,[222] maar met besondere moeite en frustrasie vir alle partye.

In 1982 is mnr. Chris Windell bevorder tot Direkteur van die Departement Openbare Betrekkinge. Dié Departement was toe al op 'n intensiewe skaal gemoeid met interne skakeling, skakeling en fondswerwing na buite (media), opvoedkundige dienste en skakeling met oudstudente.[223] Ook het die Hoof van die Departement Mediaskakeling, mnr. Willie Louw, laat in die tagtiger- en negentigerjare uitgebreide kontak met koerante, radio en televisie namens die PU vir CHO bewerkstellig. Saamtrekke van oudstudente is landswyd gehou. Chris Windell onthou hierdie geleenthede met 'n tikkie peper daarby: "Ons het oudstudente landwyd die harnas ingejaag, toesprake aangehoor, mansjetknopies en aftrekorders uitgedeel. Oudstudente was daarna baie huiwerig om saamtrekke by te woon tot en met die loodsing van die oudstudenteleningsfonds in 1983 – 'n nuwe gedagte wat onder personeel in die Departement Openbare Betrekkinge ontstaan het." Saamtrekke is nog jaarliks gehou, maar met 'n




***Oudstudentesaamtrekke op Frankfort (1988), Durban (negentigerjare) en Londen (2003)*** **(*Bron: PUK-Argief*)**

beperkte fondsinsamelingsmotief. Oudstudente is eerder aangemoedig om teen 'n minimale debietorderbedrag per jaar deel te wees van die oudstudenteleningsfonds. Dit het aanvanklik daarop neergekom dat 'n oudstudent, as donateur van hierdie fonds, kon aanspraak maak op 'n studielening teen 'n baie lae rentekoers vir sy/haar kind wanneer die kind die tersiêre opleidingsfase betree.[224] Hierdie benadering is mettertyd verfyn, en die oudstudenteleningsfonds was tot 2003 nog in werking as 'n wyse waarop oudstudente en die PUK wedersyds 'n diens gelewer het.



*Mnr. Philip Snyman, Sekretaris van die Bond van oud-Pukke, 1990 (Bron: PUK-Argief {Piet Fotokunsversameling})*

Die bemarkingsafdeling het 'n verdere hupstoot vir hul bedrywighede gekry toe 'n sentrale databasis van alle oudstudente in 1988 voltooi is. Dit skyn ook asof die Universiteit se fondsinsamelingsproses nog eens 'n hoogtepunt bereik het toe R700 000 in 1989 met behulp van testamentêre bemakings gewerf is en meer as 'n miljoen rand vir gespesifiseerde projekte verkry is.[225] Die Afdeling Fondswerwing het met die ingang van 'n nuwe dekade 'n bedrag van R1 034 744,30 geïn uit




*Prof. Peter van Eldik (Bron: PUK-Argief)*

onder meer die bydraes wat kerke, boedels, personeel, trusts, die breë publiek, stadsrade, topmaatskappye en finansiële instel-lings bewillig het.[226] Om die bemarkingskakeling met oudstudente gesond te hou, is mnr. Philip Snyman op 1 Januarie 1990 as Sekretaris van die Bond van oud-Pukke benoem.[227] Die daaropvolgende jaar was nog bedrywiger toe die Vaaldriehoekkampus se 25ste verjaarsdag gevier is en 86% meer fondse gewerf is[228] as gedurende die voorafgaande jaar. Benewens sy ander verpligtinge het prof. Peter van Eldik tot Desember 1991 as bestuurshoof van die Departement Openbare Betrekkinge opgetree. Onder sy leiding is die bemarking van PUK-deskundigheid, alumni-saamtrekke, die loodsing van die PUK-kredietkaartprojek en die afhandeling van etlike ander projekte deur 'n span bekwame skakelpersoneel suksesvol hanteer. Dit was besonder opvallend teen watter tempo en met watter gesofistikeerdheid bemarking gedurende die negentigerjare aangepak is. Dit was lank nie net meer 'n diens gerig op die besoek van 'n tiental skole en gemeenskappe nie.[229] Meer as R25 miljoen is in 1994 gegenereer,[230] en met hierdie insamelingspogings was die openbare en privaat sektor besonder aktief deel van die bestaan en voortbestaan van die Universiteit.

Korporatiewe investeerders het 'n besondere rol in die finansiële welstand van die Universiteit gespeel, bo en behalwe hulle jarelange bydrae tot die ontwikkeling van die studentekorps op nagraadse vlak. Die regering se bekendstelling van sy nuwe nasionale plan vir die onderwys het behels dat investeerders ook daarop moes fokus om deskundigheid te help opbou sowel as om werksgeleenthede vir afstuderendes te help bevorder.[231]

'n Verdere herstrukturering het in 1996 gevolg toe die Departement Openbare Betrekkinge as die Buro vir Bemarkingsdienste met 'n nuwe fokusstrategie onder die Viserektoraat: Ontwikkeling geressorteer het.[232] Sommige take binne die Departement Openbare Betrekkinge is na afdelingshoofde gedelegeer. Hierdie afwenteling van take het op sy beurt weer daartoe gelei dat sekere aktiwiteite wat nie koste-effektief was nie, byvoorbeeld die Graad 12-Opedag, byna beëindig is. Ander metodes om te bemark en te werf is doelgerig bedink, onder andere 'n radioreklameveldtog vir die PUK, wat saamgeval het met die Klein Karoo Nasionale Kunstefees.[233] Die Buro vir Bemarkingsdienste weer het op die 24 900 oud-Pukke, die *PU-Kaner*-jaarblad en veral op fondsinsameling gefokus. 'n Formidabele doelwit om R50 miljoen oor 'n periode van vyf jaar in te samel is gestel. Daarmee is 'n bemoedigende begin gemaak toe R9 miljoen reeds gedurende die eerste 10 maande van 1996 geïn is – 'n bedrag wat soos volg saamgestel was:



**Prof. M.S. Zibi** *(Bron: PUK-Argief)*

- Gespesifiseerde fondse: 53%
- Kapasiteitsboufondse: 12%
- Oopfondse: 8%
- Vaaldriehoekfondse: 3%
- Testamentêre bemakings: 22%[234]

Prof. M.S. Zibi het in 1997 as nuwe Bestuurshoof van die Departement Openbare Betrekkinge ingeskakel. Die aspek van die korporatiewe identiteit van die Universiteit is terselfdertyd as 'n bykomende verpligting aan die Direkteur: Openbare Betrekkinge toegewys.[235] 'n Oud-Puk, mnr. Theo Cloete, is in 1998 as nuwe Direkteur van die Departement Openbare Betrekkinge benoem.[236] Hierdie Departement se jaarlikse reklameprogram is in 1999 vir die eerste keer in sy geskiedenis op 'n omvattende basis uitgebrei. Dit het onder meer ingesluit die herontwerp van bemarkingsmateriaal op die taalvlak van die teikenpubliek,[237] sowel as 'n verandering van die interne kommunikasiestruktuur wat die PUK-personeel bedien, waaronder veral die BBS of Elektroniese Bulletinbord.[238]

Veranderende rolle en die groter wordende kompleksiteite rondom die Departement Bemarking en Openbare Betrekkinge het in Augustus 2002 daartoe gelei dat die Raad die naam van die Departement verander het na Departement Bemarking en Kommunikasie en dat die Departement in drie bestuursfunksies verdeel is, te wete bestuurs-, organisasie- en bemarkingskommunikasie.[239]




*Mnr. Theo Cloete* **(*Bron: PUK-Argief*)**

## 8.8.2 Ander vorme van skakeling en bemarking

In werklikheid het skakeling na buite die Universiteit se formele bemarkingspogings voorafgegaan, en in sommige opsigte kon dit selfs bepalend inwerk op die fondse wat die PUK jaarliks geïn het. Onder hierdie bemarkingspogings tel die rol van die Universiteitspesifieke tydskrif, *Die Veteraan,* wat reeds in 1936 as jaarblad vir oudstudente begin is. Vir jare is *Die Veteraan* gebruik om hoofsaaklik as skakelblad tussen die PUK en oudstudente te dien.[240] Mettertyd is dit tot 'n kwartaalblad omskep totdat die *PU-Kaner* begin is, waarna *Die Veteraan* weer 'n jaarblad geword het en in Januarie 1969 finaal by die *PU-Kaner* ingelyf is.[241] 'n Oplaag van 7 300 is in 1967 van *Die Veteraan* gedruk, en 10 000 in 1968. Die blad het toeligting verskaf oor verskillende studierigtings en aspekte van die Universiteit se dienslewering. Aanvanklik was die *PU-Kaner* in die vorm van 'n koerantjie wat aanvanklik oënskynlik min aftrek gekry het.[242] Die Departement Ontwikkeling het vanaf Februarie 1968, in samewerking met dosente en studente van die Departement Perswetenskap, 'n maandelikse nuusblad gepubliseer, genaamd die *PU-Kaner*.[243] Teen 1970 het die oplaag daarvan reeds die 13 000-merk oorskry, maar die groei daarvan was stadig, en teen 1990 is dit aan slegs 14 000 persone versend.[244]

1990 het die Departement Sentrale Publikasies (vanaf 1996-1997 uitgekontrakteer en as die Xerox-drukkery




*'n Tipiese bemarkingsgeleentheid met Anton Kruger en Matt Gibbs (Bron: PUK-Argief)*



Uniwersiteit van Suid-Afrika.

JAARBOEK

VAN DIE

POTCHEFSTROOMSE UNIWERSITEITSKOLLEGE

POTCHEFSTROOM.

1922

DIE VETERAAN

JAARBLAD

VIR DIE

OUD-STUDENTE

VAN DIE

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEITSKOLLEGE

VIR

CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Deel I.

Desember 1936.

DIE P.U.-KANER

Nuusblad van die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Nr. 1 Jaargang 1 Februarie 1968 Tel. 3361

PUKKIES spaar by NASIONALE BOUVERENIGING

P.U. STIG SY EIE NUUSBLAD

Boodskappe van Rektor en Konvokasieleier

Handhaaf Hoë Peil

PROF. H. J. J. BINGLE

PROF. H. C. VAN ROOY

GELDNOOD KNYP AL DIE S.A. UNIVERSITEITE

SPAAR VIR DIE TOEKOMS

.. dis waar u die res van u lewe gaan deurbring

Saambou BOUVERENIGING WAAR MENS TUIS VOEL

KAMPUSNUUS

Junie 2004 - Uitgawe 4

Personeelblad vir die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA NORTH-WEST UNIVERSITY NOORDWES-UNIVERSITEIT

Nuwe Direktoraat Taalsake kyk na meertaligheid

PUK se eie tuinroete

POTCHEFSTROOMKAMPUS

PUKKE

*Van die PUK -publikasies*

bekend) die Jaarboek op die PUK-kampus gedruk.[246] Bo en behalwe die Jaarboek het fakulteitsjaarboeke vanaf 1968 hul verskyning gemaak.[247] 'n Handleiding vir nuwe studente, naamlik *Die nuwe Pukkie*[248] het in 1967 ook die lig gesien. Naas die *PU-Kaner* was die *Kampusnuus* (vanaf Nov. 1981) en *Bondnuus* ook publikasies wat onderskeidelik personeel en oudstudente oor die wel en wee van die Universiteit op hoogte gehou het. Melding is in die 1975-verslag van die Departement Ontwikkeling gemaak dat hulle beskik oor 'n versameling kleurskyfies oor die Universiteit wat stelselmatig uitgebou sou word.[249] Etlike jare later, in 1997, is 'n groot bemarkingsleemte gevul met die verskyning van die tweetalige publikasie *PUK-Profiel/Profile*.[250] Hierdie publikasie het 'n paar voorgangers gehad waarvan *Techno-PUK* die mees bekende is. Dit is 'n blad wat saamgestel is met die oog op die verspreiding aan die korporatiewe sektor. Hierin kon die PUK spog met die navorsing wat onderneem word/is.[251]

Bemarkings- en skakelingsgeleenthede is ook geskep om die kundigheid en potensiaal van die Universiteit, gebaseer op die fokus van navorsingsgebiede, bekend te stel. So byvoorbeeld is die PUK se Departement Afrikaans-Nederlands in 1985 deur die ATKV genader om 'n skryfskool aan te bied. Die sukses daarvan het in 1989 gelei tot die vestiging van die Skryfskool aan die PU vir CHO met prof. Hans du Plessis as Direkteur. Hierdie nuwe instelling het gevolg na 'n skriftelike ooreenkoms tussen die PUK, die ATKV en die SATV[252] in 1990. Binne ander fakulteite is besonderdse navorsingskundigheid ook na buite bekendgestel.[253]

Die rektor se spesifieke rol in skakeling om sodoende mee te werk aan die generering van inkomste vir die Universiteit het sedert 1951 tot 2003 nog prominent gebly. In 1989 byvoorbeeld het Openbare Betrekkinge daarin geslaag om met behulp van die rektor se hoëvlakskakeling fondse te genereer uit skenkings van ondernemings soos Gold Fields, Vametco en Emsa (in 2003 as UCAR bekend) om vir meerdoelige behuising[254] aan te wend.

Skakeling met belanghebbendes in die Noordwes-streek is gedurende die rektorskap van prof. Carools Reinecke op 'n maandelikse basis onderneem.[255] Die direkteur van Openbare Betrekkinge se jaarlikse taak van interne en eksterne skakeling het gaandeweg, benewens die hoë eise wat dit gestel het, 'n hoogs professionele amp geword wat onder meer gepaard gegaan het met toesprake, kursusse, seminare, toekennings, nuusvrystellings en so meer. Sowat 476 nuusvrystellings oor die PUK is in 1990 uitgestuur teenoor die 362 nuusvrystellings in 1989. Mediaverklarings is gereeld na 'n verskeidenheid koerante gestuur. Engelstalige koerante soos *The Mail*, *North West Mirror*, *The Star* en *Bop TV* het ook dikwels oor die PUK berig.[256]

Al die ondersteuningsdienste het inderdaad 'n onontbeerlike bydrae gelewer om die PUK oor jare heen te help bou. Daarsonder sou die Universiteit nie die eiesoortige PUK kon wees nie.

### *Bouers van 'n ander aard...*

Om 'n eiesoortige universiteit te kan wees, is geboue uiteraard ewe nodig. In Hoofstuk 9 word die volle spektrum van gebou-ontwikkeling op die PUK-kampus intensief bespreek.